# ProAgri

tegnologie vir die boer
technology for the farmer

No / Nr 296
ISSN 1042 - 1558

Gratis / Free


## Massey Ferguson 5710 maak suikerrietboer se taak soeter




## Belê in sonkrag met Rentech aan jou sy


AGRILINE®
PRODUCTS SA PTY LTD
TRACTOR PARTS & ACCESSORIES

Agriline Products kom Suid-Afrika toe!


SHELL LUBRICANT SOLUTIONS
Leading the way Forward
Innovative solutions to power your future
Downtime isn't an option during critical seasons. Shell recognizes the crucial need for uninterrupted operations, providing tailored solutions that reduce downtime and enhance efficiency, specifically crafted to meet your distinctive challenges. At the heart of our partnership is a 17-year track record of global leadership in the lubricants market, proving our commitment to innovation and sustainability.
Partner with us and lead the way forward with innovative solutions to power your future. Together, we can redefine what's possible.
Explore our solutions at www.shell.co.za
SHELL SUPPORTING
FARM OF THE FUTURE
LEARN MORE
GADUS
S3
V220C 2
SPIRAX
S4 TXM
Shell
RIMULA
R6 M
10W-40
#ShellLeadingTheWayForward



# Beste lesers,

As ons na die landboukalender kyk, is dit duidelik dat die seisoene verander – nie net in terme van weer nie, maar ook in terme van die uitdagings en geleenthede wat op die horison lê. Ons boere staar 'n nuwe plantseisoen in die gesig, en soos altyd is die voorbereiding en beplanning noodsaaklik om sukses te verseker.

Hierdie tyd van die jaar laat my dink aan die ongelooflike veerkragtigheid van ons boeregemeenskap. Of dit droogtes, brande, onvoorspelbare marktoestande, of siekte-uitbrake is – ons boere vind altyd 'n manier om sterker en meer volhoubaar vorentoe te beweeg. Dit is juis hierdie gees van aanpasbaarheid wat ons by ProAgri begeester om voort te gaan om die nuutste inligting, tegnologieë en oplossings aan ons lesers voor te hou.

In hierdie uitgawe kyk ons terug na 'n suksesvolle NAMPO Kaap 2024! NAMPO Kaap het vanjaar hulle vyfde bestaansjaar gevier met die tema: Landbou, die ruggraat van ekonomiese groei.

By NAMPO Kaap vanjaar was dit weer eens bevestig hoe die ontwikkeling van tegnologie en slim boerderypraktyke dit vir boere moontlik maak om hulle opbrengste te verhoog terwyl hulle insetkoste bestuur en hulle impak op die omgewing verminder.

Met 45 894 besoekers oor vier dae, het vanjaar se ekspo 'n vertoonvenster van landbouvernuwing geword, wat deelnemers en besoekers die geleentheid gegee het om die nuutste tegnologie te verken, uitdagings in die bedryf aan te pak en saam te droom en te beplan oor die toekoms van landbou. Lees meer op bladsy 21.

Namens die hele ProAgri-span moedig ons julle aan om steeds met ons te deel wat in julle gemeenskappe en omgewing aangaan. Ons glo dat kennisdeling die sleutel is tot groei, en saam kan ons seker maak dat landbou in Afrika die wêreldklasstandaard bereik wat ons almal weet moontlik is.

Sterkte vir die seisoen wat voorlê!

Landbougroete,
**Bianca Henning**
**bianca@proagri.co.za**

## Op ons voorblad

**Agriline Products bring hulle produkreeks na Suid-Afrika! Agriline Products is een van die grootste verskaffers van gehalte trekkeronderdele vir moderne, klassieke en antieke trekkers.**





ProAgri
Posbus 72707, Lynnwoodrif /
Rossouwstraat 577
Die Wilgers, Pretoria
079-515-8708
www.proagri.co.za


Copyright © 2024. All rights reserved. No material, text or photographs may be reproduced, copied or in any other way transmitted without the written consent of the publisher. Opinions expressed are not necessarily those of the publisher or of the editor. We recognise all trademarks and logos as the sole property of their respective owners. ProAgri shall not be liable for any errors or for any actions in reliance thereon.

## Inhoudsopgawe / Contents


**Voorbladartikel**
3. Aandag, aandag! Agriline Products kom Suid-Afrika toe!

**Meganisasie**
5. Boere pluk die vrugte van New Holland se blou boordtrekkers
6. MF 5710: Toonbeeld van krag en betroubaarheid in suikerriet boerdery
9. Mahindra marks 20 years of excellence in South Africa with the launch of the XUV 3XO

**Hulpbronbestuur**
11. Rentech: This is the truth about going off-grid
15. Livestock handling: Tal-Tec turns heavyweights into light work for farmers
17. Do not compromise on safety: Choose BOVA's superior quality purpose-engineered safety wear

**NAMPO Kaap**
21. NAMPO kaap 2024: Landbou: Die ruggraat van ekonomiese groei
25. Case IH Global Product Specialist: Big things to come for Axial Flow combines

**Gewasproduksie**
27. Daai All Gold-lekkerte: Elke tamatie word met liefde gekweek
33. Grasse van Suid-Afrika deel 9: Pluime
37. Groentetuin vir beginners 15: Kweek jou eie bessies
41. Spekboom: Wonderplant help aarde asemhaal
45. Vyebedryf in Suid-Afrika

**Vee en wild**
49. Vernuwende wildvangstelsel: Laat niks aan toeval oor nie















Agri4all

## ProAgri


**Redakteur tydskrif en aanlyn**
Bianca Henning > 082-326-2572 bianca@proagri.co.za

**Verslaggewers**
Natasha Pretorius > 083-468-2653 natasha@proagri.co.za
Ashleigh Venter > 071-585-9422 ashleigh@proagri.co.za
Benine Ackermann > 073-105-6938 benine@proagri.co.za
Kylee Mann 067-240-3422 kylee@proagri.co.za

**Bemarkingsbestuurder**
Diane Grobler > 082-555-6866 diane@proagri.co.za

**Bemarkers**
Xander Pieterse > 062-391-6507 xander@proagri.co.za
Johan Swartz > 071-599-9417 johan@proagri.co.za
Tiny Smith > 082-698-3353 tiny@proagri.co.za
Lynette van Tonder > 074-694-4422 lynette@proagri.co.za

**Skeppende bestuurder**
Michelle Kruger > michelle@proagri.co.za

**Uitleg en ontwerp**
Anja Oosthuizen, Jamie-Lee Botha & Cara Watson

**Kliëntverhoudingsbestuurder**
Carin Swartz > 084-233-0123 carin@proagri.co.za

**Navrae**
Engela Botha > 084-088-0123 engela@proagri.co.za

**Rekeninge**
Ronel Schluter > accounts@proagri.co.za

**Verspreiding en intekening**
Nita Volmer-van Zyl > 079-515-8708 nita@proagri.co.za

**Sakebestuurder**
George Grobler


PULSAR
THERMAL & DIGITAL
TECHNOLOGIES
STREAM VISION 2
Parameters
Modes
Brightness 8
Zoom x5.5
Calibrate
AXION XQ30 PRO
<25 NETD mK
SENSITIVE THERMAL IMAGING SENSOR
13.3°
WIDE FIELD OF VIEW
COMPACT
XQ30 PRO
ULTRANEXUS
TO FIND A DEALER NEAR YOU, SEE CONTACT DETAILS BELOW:
WWW.ULTRANEXUS.CO.ZA | WHOLESALE@ULTRANEXUS.CO.ZA | +27 (0) 21 001 4238




# Aandag, aandag!

## Agriline Products kom Suid-Afrika toe!

**deur Ashleigh Venter**

Op 'n plaas is tyd een van die kosbaarste bates. Die spreekwoord sê immers: Tyd is geld. En vir elke oomblik wat jou boerdery stilstaan, verloor jy wins.

Dit is waarom dit vir 'n boer ononderhandelbaar is om 'n uitstekende verskaffer van onderdele te hê. As jou trekker vanoggend stilstaan, wil jy teen vanmiddag weer kan werk.

As jy nog op soek is na jóú perfekte handelaar, het ons 'n brokkie goeie nuus vir jou: Agriline Products kom Suid-Afrika toe!

### Alles en nog wat

Agriline Products is een van die grootste verskaffers van gehalte trekkeronderdele vir moderne, klassieke en antieke trekkers.

Met 'n reeks van meer as 15 000 onderdele, is hierdie maatskappy vir 'n boer soos wat 'n lekkergoedwinkel vir 'n kleuter is. Hulle bied onderdele vir trekkers van byna enige model en fabrikaat. Van die bekende name sluit in John Deere, Massey Ferguson, Case, New Holland, Landini, Ford, Deutz, Kubota … die lysie hou nie op nie.

Boonop bied hulle ook 'n hele reeks bybehore vir jou trekkers, soos batterye, brandstofprodukte, werktuie, verf, modderskerms, sitplekke, wiele, hidroulika, grassynerlemme, ploegonderdele en ligte.

Agriline Products verskaf sowel egte as generiese produkte.

Die kersie op die koek is dat alle onderdele aanlyn beskikbaar is om te koop en dat voorraaditems die volgende dag beskikbaar is vir aflewering – want tyd staan vir niemand stil nie!






Jy kan reeds met Agriline Products in aanraking kom. Stuur vir hulle 'n e-pos na jc@agrilineproducts.co.za.

# PLAAS JOU VERTROUE OP
# NEW HOLLAND-TREKKER-DNA.




## KRY JOU FINANSIERING MET JAARLIKSE OF MAANDELIKSE TERUGBETALINGS EN LAE DEPOSITO'S.

Vir meer inligting besoek newhollandag.co.za

Boord, wingerd, berg, lae vryhoogte, steil hellings, smal rye en swaar implemente. Wat ookal die terrein, die taak en die uitdaging wat jy elke dag moet trotseer, daar is altyd 'n New Holland-spesialiteitstrekker wat jou werk en jou begroting pas. Met modelle van 37-78 kW, 2wd of 4wd, met of sonder kajuit en 'n verskeidenheid eksklusiewe funksies wat produktiwiteit verhoog, is die spesialiteitstrekker wat jy soek reeds beskikbaar. Dis New Holland-trekker-DNA.




Service PLUS

**3 jaar / 3000 uur waarborg ingesluit.**

Kontak jou New Holland-handelaar vandag of skakel:

Eduan Booyens (071 871 8163) - Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo
Paul de Korte (064 752 1613) - KwaZulu-Natal en Mpumalanga
Quintus Smit (082 524 7397) - Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap

NEW HOLLAND
SAAM JOU, SEISOEN NA SEISOEN

CNH CAPITAL
In alliance with WesBank

Vir ander aanbiedinge besoek newhollandag.co.za

Volg ons op

www.newholland.com/za

WesBank - 'n afdeling van FirstRand Bank Bpk. 'n Gemagtigde Finansiële Dienste en Geregistreerde Kredietverskaffer. NCRCP20

Tindrum 24/155R




# Boere pluk die vrugte van New Holland se blou boordtrekkers

Artikel voorsien

New Holland is al jare die ondersteuningspunt van boere in die boord- en wingerdbedryf met hulle verskillende trekkers. Hulle boordtrekkers bied aan druiwe- en vrugteboere die geleentheid om maklik, sonder sukkel die seisoen aan te pak.

**T3F: Liggewig en kompak**

Die T3F-reeks trekkers is ontwerp om maklik tussen rye te beweeg en bied uitstekende werkverrigting vir bespuiting, verbouing en padvervoer. Hierdie liggewig se kompakte afmetings gee hom die voorsprong wanneer jy in beperkte ruimtes werk.

Die verbruikersvriendelike Lift-O-Matic™-stelsel maak die gebruik van die hyser eenvoudig. Die platform verseker perfekte geluid- en vibrasie-isolasie en steun 'n bestuursomgewing met ongeëwenaarde ergonomie en gebruiksgerief. Alle kontroles is logies en binne maklike bereik geplaas.

Die duidelike en intuïtiewe instrumentpaneel bied in 'n oogopslag belangrike inligting oor die belangrikste bedryfsparameters. 'n Versteekte demper en luginlaat sorg vir onbelemmerde sig oor die geboë enjinkap. Die rolstaafbeveiligingstelsel (*ROPS*) kan platvou om onder boorde in te pas. Alles is ontwerp om produktiwiteit te verhoog.

Modelle in die reeks wat na Suid-Afrika kom is die T3.50F 2wd (37 kW), T3.55F 4wd (40 kW) en T3.75F 2wd & 4wd (53 kW).

**T4F/N/V-reekse: Veilig en betroubaar**

Die T4F/N/V-trekkers word aangebied in drie wydtes om 'n wye reeks toepassings te hanteer. Die F is 1 476 mm wyd, die N is 1 229 mm wyd en die V is 1 061 mm wyd. Die trekkers het 'n hoë krag-tot-gewigverhouding en is die beste in hulle klas ten opsigte van hanteerbaarheid. Alle eenhede is toegerus met die 16x16 transmissie vir meer spuitspoedopsies.

Die T4.75V-eenhede is beskikbaar in vierwielwielaandrywing met rolstawe (*ROPS*) en lewer 57 kW. Hierdie trekker pas omtrent in op enige plek en kan selfs binne kelders gebruik word omdat dit so smal is.

Die T4 N-reeks is beskikbaar met twee- of vierwielaandrywing, rolstaaf of kajuit. Drie modelle, naamlik die T4.75N, T4 85N en T4.95N lewer 57 kW, 65 kW, en 71 kW krag onderskeidelik.

Die T4 F-reeks het as standaard die vierwielaangedrewe "*super* steer"-vooras wat baie skerper as die gewone aste kan draai. Dit is ook beskikbaar in die T4.75F, T4 85F en T4.95F met kraglewering van 57 kW, 65 kW, en 71 kW onderskeidelik. Slegs vierwielaandrywing met kajuit word hier ingevoer.

**T4 LP: Stabiliteit teen skuinstes**

Die T4 LP se ontwerp is gebaseer op die T4-reeks, maar 'n breër vooras is bygevoeg vir stabiliteit wanneer daar op hellings gewerk word. Die draaihoek van die vierwielaangedrewe trekker is nietemin benadeel met die breër vooras en lewer 'n ongeremde draaisirkel van so laag as vier meter. Die hysvermoë is 2 600 kg en die beproefde Lift-O-Matic™-hyserbeheerstelsel is standaard. Die hidrouliese pompvloei is 63,8 liter/minuut sonder die kragstuurpomp wat apart is.

Modelle in die reeks wat na Suid-Afrika kom, is die T4.85 LP (65 kW) rolstaaf en T4.95 LP (71 kW). Albei is beskikbaar met vierwielaandrywing en kragspoelratkas van 16x16.

**TDF: Styl, gerief en produktiwiteit**

Die TDF-reeks trekkers is taai, sterk en ideaal vir boorde en wingerde. Die NH2-styl en ergonomiese uitleg verseker maklike en gemaklike gebruik. Dit is toegerus met 'n kragspoelratkas van 12x12 en 'n 540/540E-kragaftakker (*PTO*) wat brandstof bespaar en produktiwiteit verhoog.



**New Holland se T3 F-boordtrekker verrig groot werk in klein ruimtes!**

'n Hyservermoë van 3 000 kg met die verbruikersvriendelike Lift-O-Matic™-stelsel is standaard. Die trekkers is toegerus met 'n brandstoftenk van 80 liter wat saam met 'n lae brandstofverbruik jou produktiwiteit verhoog. Die driesilinder-turbomodel, TD75F (53 kW) en die viersilinder-turbomodel, TD90F (65 kW) is beskikbaar met vierwielaandrywing.

Die verlengde waarborg van 3 jaar / 3000 uur is standaard op die hele boordreeks soos hierbo.




**New Holland se boordtrekkers het vanjaar ook by NAMPO Kaap gepronk.**

Tans is daar ook twee finansieringsopsies (bepalings en voorwaardes geld) beskikbaar deur CNH Capital op hierdie eenhede. Dit is daarop gemik om jou kontantvloei te beskerm.

1. **Jaarlikse paaiemente**
   Betaal jou eerste paaiement in Desember 2025.
   20% deposito, tot en met vyf jaar, BTW terug in maand vier.

2. **Maandelikse paaiemente**
   15% BTW as deposito, eerste paaiement 60 dae na ondertekening, 24 tot 60 maande. Jy kry jou BTW terug in maand 4 en hou dit, wat effektief geen deposito beteken.

Vir meer inligting, kontak jou New Holland-handelaar vandag of skakel vir Jaco du Preez by (+27)82-524-8898.

deur Bianca Henning

MASSEY FERGUSON

# MF 5710

## Toonbeeld van krag en betroubaarheid in suikerriet boerdery

Die suikerrietbedryf in Suid-Afrika speel ’n sleutelrol in die land se landbou-ekonomie, met uitgebreide boerderybedrywighede wat sowel plaaslike as internasionale markte bedien.

Gansen Moodley is ’n suikerriet- en makadamiaboer naby Kearsney, net buite Durban, en boer al vir dertig jaar in die omgewing onder die naam, Sentara Investments. Hy vertel: “Van die grootste uitdagings wat ons in die gesig staar, is die onvoorspelbare weersomstandighede - te veel reën op een slag en dan die uiterste droogtes kort daarna.”

Hy voeg by: “Nog ’n groot uitdaging vir ons in hierdie distrik is die beskikbaarheid van arbeid en die hoë insetkoste in die suikerrietbedryf.”

Die suikerrietbedryf is nie net afhanklik van goeie landboupraktyke nie, maar ook van die regte toerusting om produktiwiteit en doeltreffendheid te verseker.

### Die soet sukses van Massey se 5710 trekker

“Ek het in April vanjaar vir my ’n nuwe Massey 5710-trekker aangekoop; ek het voorheen ’n Massey 440-trekker gehad wat ek vir ongeveer ses jaar op die plaas gebruik het. Met die hoë inset-koste moes ek na iets meer volhoubaar kyk en die rede waarom ek juis op die 5710 besluit het was oor sy brandstofdoeltreffendheid. Boonop is dit ’n baie meer gevorderde trekker as die vorige model,” sê Gansen.

"Die 5710 se brandstofdoeltreffendheid is uitstekend, wat my werklik help om koste te verminder," sê hy. “Die trekker se krag en veelsydigheid is van onskatbare waarde wanneer dit kom by moeilike take soos grondvoorbereiding en vervoer van swaar vragte. Hierdie trekker het my verwagtinge oortref!”

Gansen vertel verder dat die Massey Ferguson 5710 baie betroubaar is, selfs in die uitdagende terrein van suikerrietlande. “Dit is kragtig genoeg om moeilike toestande met gemak te hanteer, maar terselfdertyd is dit baie maklik vir die operateur om te bestuur,” voeg hy by. Dit het gelei tot ’n merkbare toename in sy produktiwiteit en die gehalte van sy oeste.

Hy voeg by: “Een van die eienskappe wat vir my baie uitstaan van die trekker is sy remvermoë. As gevolg van die steiltes en nat omstandighede waarin ons boer, veral wanneer die sleepwa swaar gelaai is met die suikerriet van sowat 13 ton, is die remstelselvir ons van die uiterse belang, vir die veiligheid van ons operateurs asook ons oeste.”

Gansen lig ook uit dat ander soorte trekkers se dienstussenposes 250 uur is, maar die Massey s’n is 500 uur. “Die trekker se paneel stel ons vooraf in kennis wanneer die trekker versien moet word. Die langer dienstussenposes is ook ’n groot pluspunt vir ons,” verklaar Gansen.

### Sugar Coast Motors is toewyding aan suikerrietboere

Sugar Coast Motors in Darnall is die plaaslike Massey Ferguson-handelaar. Gansen praat met lof van hulle diens en ondersteuning: “Die Sugar Coast Motors-span is baie behulpsaam, nie net met algemene navrae en naverkopediens nie, maar ook wanneer die trekker versien moet word is hulle flink en voorbereid.”

Mishen Moodley is verantwoordelik vir die trekker-afdeling by Sugar Coast Motors, en hy self het ’n groot liefde vir die Massey-handelsmerk.

Mishen vertel dat sy pa grootgeword het met Massey en so ook die liefde vir die rooi aan hom oorgedra het. Sugar Coast Motors is toegwyd daar-toe om hulle klante en boere voluit te ondersteun met onderhoud, herstelwerk en die verskaffing van onderdele, wat die lewe van boere baie vergemaklik.

Hy vertel: “Sugar Coast Motors is die verskaffer van een van die beste trekker-handelsmerke in die bedryf, asook gebruikte toerusting en trekkers, werktuie van hoë gehalte, en ons bied ook naverkopediens aan boere in die omgewing deur onderdele te voorsien, asook dienste en herstelwerk aan trekkers en toerusting te doen.”



**Mishen Moodley saam met boer, Gansen Moodley en Sameer Sheik.**

KYK DIE VIDEO OP YouTube

Vir enige navrae, besoek Massey Ferguson se webtuiste. Indien jy in die KwaZulu-Natal omgewing is, praat met die mense van Sugar Coast Motors by (+27) 32-551-3041.



Wanneer dit by harde werk kom staan die Massey 5710 vir niks terug nie!

Mishen meen dat die MF5710 die perfekte tussenin-trekker is vir meeste van die suikerrietboere in die omgewing. "Hierdie trekker is sterk en veelsydig om die daaglikse take op die plaas doeltreffend af te handel - of dit nou grondvoorbereiding is of aanry van suikerriet tydens oestyd," sê hy. "Hierdie trekker is 'n werkesel vir Afrika-toestande wat terselfdertyd waarde vir geld aan boere bied. Ek sal hierdie trekker aan boere in dieselfde boerdery-omstandighede aanbeveel, want met sy vele sterkpunte bied hierdie trekker jou die gemoedsrus op jou aankoop.

"Ons ontvang baie positiewe terugvoer oor die 5710 van ons klante.

"Ons het gevind dat suikerrietboere hierdie model verkies vanweë sy robuustheid en die manier waarop hy ontwerp is om aan die spesifieke behoeftes van hulle boerderye te voldoen," verduidelik hy.

"Die winsgrens in boerdery is moeilik en klein. Ons is bewus daarvan, en ons produkaanbieding- en oplossings moet tot voordeel van alle boerderygemeenskappe wees. Ons moedig enige boer wat ook soortgelyke sukses, sonder sukkel, wil ervaar aan om die MF5710-trekker te oorweeg," sluit Mishen af.

## AGCO stel die boer eerste

Volgens AGCO se streeksverteenwoordiger vir Natal, Sameer Sheik, is die Massey Ferguson 5710 'n voorbeeld van hoe tegnologie en vernuwing saamwerk om boere te ondersteun. "Ons is baie trots op die tegnologiese verbeterings wat in hierdie model ingesluit is," sê hy. Van brandstofdoeltreffendheid tot 'n sterker en meer omgewingsvriendelike ontwerp, die 5710 is 'n stap in die rigting van volhoubare boerdery.

"Dit is so lekker om 'n getuigskrif vanaf ons boere te hoor, soos Gansen vertel, waar hy van twee trekkers in sy vloot oorgeskuif het na net een trekker om meer doeltreffend te boer."

AGCO se verbintenis tot ondersteuning van boere en hulle handelaars is sigbaar in hoe hulle hulle produkte aanpas volgens boerderybehoeftes in Afrika. Die Massey Ferguson 5710 is dus nie net 'n kragtige stuk trekker nie, maar ook 'n betroubare vennoot in die veld.

Sameer vertel: "Ons is baie beïndruk met hoe die MF5710 werk en floreer in die toestande hier op Gansen se plaas. Ons as AGCO se visie en missie word sterk gedryf om die boer eerste te stel, en Massey Ferguson se dryfkrag stem ooreen met wat ons as AGCO in die landboubedryf wil bereik deur uitstaande verkope en naverkopediens aan ons handelaars en ons boere te bied."

Die Massey Ferguson 5710-trekker bied verskeie voordele en kenmerke wat hierdie trekker baie geskik maak vir die suikerrietbedryf. Sameer lig 'n paar voordele van die Massey Ferguson 5710 uit:

- **Kragtige enjin:** Die trekker is toegerus met 'n viersilinder AGCO Power-dieselenjin van 4,4 liter wat 76 kW (105 pk) lewer, wat oorgenoeg krag is vir swaar landbouwerk.
- **Uitmuntende wringkrag:** Met maksimum wringkrag van 410 Nm teen 1 600 opm, beweeg die trekker maklik deur die swaar grond van suikerrietplantasies.
- **Brandstofdoeltreffendheid:** Die groot brandstoftenk van 170 liter verseker langer ononderbroke werkstyd omdat daar minder dikwels vir brandstofaanvulling gestop hoef te word.
- **Veelsydige kragoordag:** Die 12 x 12 gesinkroniseerde ratkas met kragvorentoe-en-truskakeling bied die gladde en doeltreffende ratverwisseling wat nodig is vir die wisselende terrein en hellings van suikerrietlande.
- **Sterk konstruksie:** Die trekker se stewige bou en vierwielaandrywing maak hom geskik vir die uitdagende toestande van suikerrietboerdery.
- **Hidrouliese stelsel:** Die oopkring hidrouliese stelsel met sy gekombineeerde pompvloei van tot 98 liter per minuut verseker die doetreffende werking van alle landbouwerktuie.

## Boer vooruit met Massey se 5710

Massey Ferguson se 5710 het bewys dat dit die geskikte trekker is vir suikerrietboere wat hoë werkverrigting en betroubaarheid soek. Of dit nou die verbetering van opbrengs of die gemak van gebruik is, hierdie trekker stel beslis nie teleur nie. Sugar Coast Motors en AGCO se ondersteuning maak dit nog makliker vir boere om die beste uit hulle toerusting te kry.

"Hierdie trekker is die regte trekker vir ons suikerrietboerdery. Ek gaan beslis binnekort nog so model aanskaf vir my makadamia-boerdery," sluit Gansen af.

**Met die Massey Ferguson 5710 aan jou kant, kan die boer seker wees dat hy die regte hulpmiddel het om sy plaas na die volgende vlak te neem.**




**"Een van die kenmerke wat vir my uitstaan van die trekker, is sy remvermoë. As gevolg van die hellings en nat toestande waarin ons boer, veral wanneer die wa met sowat 13 ton suikerriet gelaai is, is die remstelsel van uiterste belang vir die veiligheid van ons operateurs sowel as ons oeste."**

**-Gansen Moodley**


mahindra
20 YEARS
XUV 3XO
DISCOVER THE X
Get 12 months of FREE
Insurance When You Buy An XUV 3XO!
* First 500 Customers Only. Ts & Cs Apply
Active living is the new black
Introducing
The New Black Edition
Mahindra XUV700
MAHINDRA ALBERTON
087 803 1108 | WWW.MAHINDRAALBERTON.CO.ZA
OFFER EXCLUSIVE TO MAHINDRA ALBERTON ONLY. Ts and Cs apply.



# Mahindra marks **20 years of excellence** in South Africa with the **launch of the XUV 3XO**

**Article supplied**

Mahindra and Mahindra Ltd, a global leader in the automotive industry: Today marks twenty years of success, innovation and growth in the South African automotive industry.

This milestone was celebrated with a drive from Gauteng, where Mahindra has its headquarters, to Sun City in the Northwest province. The drive, and the evening's celebration event highlighted Mahindra's legacy and its ambitious plans for the future.

Since its entry into South Africa in 2004 with the launch of the Mahindra Bolero, Mahindra has been a key player in the local automotive market.

Over the next two decades, the brand steadily introduced new models and expanded its presence, while it consistently invested in its support infrastructure, dealer network and training facilities.

In 2005, the Mahindra Scorpio, a symbol of strength and reliability, debuted, followed by the Pik Up in 2007. These rugged models laid the foundation for Mahindra's growth. Next came the XUV500 in 2011.

In 2018, Mahindra opened its first South African assembly facility at Dube Trade Port in Durban, further solidifying its commitment to local production. With this investment, Mahindra solidified its promise to make South Africa its second home outside India.

With the rollout of its 20 000th locally assembled vehicle in 2024, Mahindra showcased its continued strong focus on the country. At the celebration of this milestone, Mahindra announced its plans to build a much larger assembly plant nearby, giving it additional capacity to meet the local market demand.

Since opening its assembly facility, Mahindra has seen remarkable success, with sales growing at a compound annual rate of 27%. Today, the brand has 95 dedicated dealerships across South Africa and is on track to welcome its 100 000th customer soon. This sustained growth is testament to Mahindra's commitment to quality and customer satisfaction.
Each milestone has brought Mahindra closer to becoming one of South Africa's most trusted brands, offering vehicles known for their toughness, reliability and value.

Mahindra's journey in South Africa is a story of evolution. The brand, initially known for its bakkies such as the Bolero and Pik Up, has now positioned itself as a leader in the SUV segment with models like the XUV700, Scorpio-N and now, the XUV 3XO. This transition represents Mahindra's ability to innovate and adapt to changing consumer demands, offering vehicles that are tough yet sophisticated, with cutting-edge design, a premium quotient and advanced technology.

At the heart of Mahindra's anniversary celebration is the launch of the XUV 3XO, the latest addition to Mahindra's next generation of SUVs. Featuring cutting-edge technology, the XUV 3XO is powered by a turbocharged 1,2 litre petrol engine and segment-leading dual, floating high-resolution screens, a 10,25" digital cluster and a 10,25" infotainment system, for a truly premium experience. The XUV 3XO also offers advanced safety features, including industry-first six airbags as standard across the range, segment-first electronic stability program (ESP) standard on all variants, and Level 2 Advanced Driver Assistance Systems (ADAS) with ten standard safety features.

With prices starting at R254 999, the XUV 3XO has already attracted significant attention. The first consignment for South Africa is fully booked, and deliveries start today. Mahindra has also ensured that the XUV 3XO reflects its signature blend of value for money, quality and performance, with features such as wireless Apple CarPlay and Android Auto, 65W laptop charging, and a Harman Kardon Premium Audio system in the top variants.

Mr Rajesh Gupta, CEO of Mahindra South Africa said: "The launch of the XUV 3XO marks a significant milestone for Mahindra South Africa's 20-year journey. With advanced technology, standout design, spirited performance, superior SUV comfort and truly world class safety that define the modern Mahindra brand. At the same time, it remains true to the core principles of quality, value and exceptional customer support that we have upheld since we first entered the market in 2004. With our upcoming assembly facility and continued investment in the local market, we are laying the foundation for even greater success in the years to come."

To celebrate the new Mahindra XUV 3XO and the group's third decade in sunny South Africa, Mahindra is planning a major music, art and fashion Carnival which is planned for February 2025. More information to follow soon.

## A brief history of Mahindra in South Africa

- **2004** – Introduction of the Mahindra brand and the Mahindra Bolero. Laying the foundation for our growth.
- **2005** – The debut of the Mahindra Scorpio, a vehicle that embodies the Mahindra spirit.
- **2006** – Transitioning from Lynwood to Centurion (Eco Park), a testament to Mahindra's rapid growth expansion.
- **2007** – Launch of the Mahindra Pik-Up, showcasing Mahindra's commitment to versatility and strength.
- **2011** – The introduction of the Mahindra XUV500 raised the bar for innovation.
- **2015** - The launch of the Mahindra KUV100, blending style with practicality.
- **2016** – Inauguration of the first 4x4 academy, Lerebisi, reinforcing our dedication to adventure and capability.
- **2016** – Introduction of "Powerol" business (large-scale generators).
- **2017** – Introduction of "Construction Equipment" business (TLBs).
- **2017** – Introduction of new Mahindra Pik Up.
- **2018** – Inauguration of Mahindra's assembly facility at the Dube Trade Port, Durban.
- **2019** – Earning the title of the fastest-growing brand & maiden "Gold" award in NADA's DSI survey.
- **2019** – Mahindra introduces its agricultural products – tractors, farm equipment and support.
- **2022** – The record-breaking launch of the XUV700, accompanied by the Karoo Pik-Up Expedition.
- **2022** – Recognised as a fastest-growing brand for the second time.
- **2024** – A triumphant return as the Scorpio-N wins COTY awards in two categories – the prestigious Guild Association and Gold award in NADA's DSI survey for the second time.
- **2024** – The roll-out of our 20 000th vehicle at the Mahindra assembly facility in KZN and breaking ground for the new and bigger plant.



# Your farm depends on reliable power 24/7

## 30kW System
1 x 30kW Deye hybrid inverter
6 x 5kWh HV lithium batteries
30 x 555W Jinko solar panels

**R439 000**

## 50kW System
1 x 50kW Deye hybrid inverter
12 x 5kWh HV lithium batteries
60 x 555W Jinko solar panels

**R799 000**

## 100kW System
2 x 50kW Deye hybrid inverters
24 x 5kWh HV lithium batteries
120 x 555W Jinko solar panels

**R1 599 000**

## 150kW System
3 x 30kW Deye hybrid inverters
36 x 5kWh HV lithium batteries
240 x 555W Jinko solar panels

**R2 599 000**

### Price incl VAT and ALL systems come with
- Design and engineering
- Delivery, installation and certification
- Remote monitoring and support
- 1-Year FREE maintenance plan
- Estimated Return on Investment (ROI)
- Final quote provided after site assessment

PVGreenCard Certified Installers

0860 12 00 12 www.rentech.co.za

RENTECH®
RENEWABLE TECHNOLOGIES



# Rentech

## This is the truth about going off-grid

**Article supplied**




Part of the AutoX family, Rentech was established in 2001 as a dedicated provider of renewable energy products and services. With a focus on supplying local and selected African markets, our product range includes inverters, lithium batteries, lead-acid batteries, and PV-panels of the highest quality. We also provide expert advice to assist customers in choosing the best product solutions appropriate for their specific applications and requirements.

As well as being a preferred supplier to the engineering, procurement and construction (EPC) market, Rentech is also an established market player in the retail sector, providing batteries to dedicated solar outlets, automotive parts retail stores and the unique Willard and SABAT Xpress battery specialist channel.

### What going off-grid really means

Everyone has an opinion or assumption about what going off-grid means. Unfortunately, many of these opinions are wrong, which can lead to unrealistic expectations. The definition of 'off- grid' refers to disconnecting from the electrical grid and relying on self-sustaining, renewable energy sources.

Here are some facts and fictions about going off-grid. The first fact is that going off-grid can reduce your reliance on fossil fuels and potentially lower your carbon footprint. This of course requires significant planning and investment to establish a reliable off-grid system for powering your home. Going off-grid can also offer greater independence and self-sufficiency, particularly in remote locations or in a situation such as ours where we are subject to frequent power outages.

A common misconception is that going off-grid is always cheaper than staying on the grid. While you may save money in the long run, the initial investment and ongoing maintenance costs can be significant, and consumers should be aware of these costs before embarking on their off-grid journey.

Another misconception about going off-grid is that it translates into complete self-sufficiency. Depending on your location, your budget and the size of your system, you may still need to rely on the grid or backup power sources at times. One can either go completely off-grid or semi off-grid.

On a completely off-grid system, the connection from the national power provider is completely disconnected and the account with the energy provider cancelled, saving on monthly connection costs. Semi off-grid systems can keep the national power provider connection in case of very long outages or smaller battery banks, using grid power to power appliances when/if necessary. These inverters can be set to use solar power as first option, battery to assist or provide power when the solar energy is insufficient or non-existent (such as in the evening), as a second option and use utility-Eskom or generator-as third option in case of prolonged rain or in the case of smaller battery banks.

It is worth bearing in mind that despite the often-considerable investment in going completely off-grid, which may take several years to see a return on investment, the installation of your solar system will save you money on your energy bills over time and give you peace of mind in a time where energy provision is inconsistent. Moreover, your installation can increase the value of your home, making it more attractive to potential buyers.

If you are considering going off-grid, it is important to evaluate your energy needs, location, and budget to determine the best approach. This may involve a combination of renewable energy sources, energy-efficient appliances, and lifestyle changes to reduce your overall energy consumption. Consulting with a professional company in the renewable energy industry can help you make an informed decision and design a system that meets your specific needs.

### Talk to experts

Rentech provides technical support and advice on design, implementation, usage and maintenance for a range of power solutions. We aim to ensure that your backup power solution achieves its optimal performance level for the full length of its intended lifespan.

Contact Rentech today at:
140 North Reef Road, Elandsfontein, Johannesburg, 1429
Email: jacow@auto-x.co.za
Tel: (+27)11-776-4300
Web: www.rentech.co.za

# *Find the exact truck you are looking for!*

**with TruckStore your *ONE-STOP SHOP***



We help you meet your goals! With a diverse offering of all makes and models of trucks; and leasing and finance options from Daimler Truck Financial Services. We are a partner that will help you achieve them.

**We know each and every vehicle in our stock!**











**Find your next truck or trailer with us**

TruckStore





## USED COMMERCIAL VEHICLES ARE OUR PASSION

Visit one of our TruckStore Agents nationwide. You will find people who do not just sell you a vehicle but help you to find the perfect solution for your company.

www.truckstore.co.za | 012 649 9883

# Easily handle cattle with mobile equipment

in different locations



## Cattle Mobile Crush with Neck Clamp

- The cattle mobile crush is a 2,4m crush on wheels with a neck clamp at the front and a guillotine gate at the back.
- The mobile crush is roadworthy and comes with a chevron.
- You can use this unit as a scale when purchasing the Ls4 scale (1000mm loadbars), which gets mounted at the bottom.
- You can transport a maximum of 8 x 2,3m kraal sides inside the trailer.









## Mobile Neck & Body (Roadworthy)

- The mobile neck & body clamp is a neck clamp at the front, body clamp in the middle and a guillotine gate at the back.
- You can use this unit as a scale when purchasing the Ls4 scale (1000mm loadbars), which gets mounted at the bottom.
- You can transport a maximum of eight 2,3m kraal sides inside the trailer.

7 Theuns Mulder Street, Brits, South Africa, 0250

012 250 2188 | sales@taltec.co.za | 066 299 7939

## Livestock handling:

# Tal-Tec turns heavyweights into light work for farmers

**by Ashleigh Schubert**





Tal-Tec has been producing cattle scales for more than forty years. Initially, the scales were mechanical and operated with a spring balance system. This system had a major issue: it used a single point to measure weight, which made it difficult to weigh large animals like bulls. To solve this, levers were added to transfer weight from all four corners of the crate to the balance. However, over time, these levers could corrode, bend, or cause friction, making the scale less accurate.

Electronic scales, although costly at first, soon became available. They use load cells that convert weight to an electrical signal for display. Instead of levers, electronic scales use four load cells, one in each corner, connected by copper wires to a display unit. However, the wires can also affect accuracy, which frustrates farmers today.

For example, if a weight of 100 kg is placed evenly on a scale, each corner should register 25 kg, adding up to 100 kg. If one corner fails, the total weight would show as 75 kg. Likewise, if the weight shifts to one side, the distribution changes, and if one load cell fails, the final reading can be inaccurate.

Farmers are advised to perform a simple "corner test" before weighing animals. They should stand near each corner, record the weight, and check if the display returns to zero after stepping off. If all corners give the same reading and reset correctly, the scale is accurate. If not, the issue needs to be fixed before continuing.

## Mobiles, gates and crates

Tal-Tec provides various mobile livestock handling solutions, designed to meet diverse farming requirements. Their **Mobile Neck and Body unit** comes with a neck clamp, body clamp, and guillotine gate, allowing farmers to manage livestock with ease. This unit can also function as a scale when combined with the LS4 scale. Similarly, the **Cattle Mobile Crush** is equipped with a neck clamp and guillotine gate, and it is roadworthy, offering easy transport of kraal sides. Both units can transport up to eight kraal sides inside the trailer, making them highly versatile for farming operations.

The **Cattle Crate** is constructed from durable steel, featuring sliding gates for efficient livestock handling, and it can be converted into a weighing system when paired with the LS4 scale. Meanwhile, the **Cattle Working Crate** is designed with side panels that allow farmers easy access to the animal for tasks such as branding. It also includes a neck clamp and sliding gate, with compatibility for the LS4 scale to weigh livestock.

For sheep, Tal-Tec offers the **Sheep Loadbar Crate**, a mobile and lightweight unit with butterfly doors and a convenient handle. This crate, with dimensions of 1,25 m long and 0,5 m wide, also uses the LS4 scale to weigh sheep efficiently. Additionally, the **Work and Load Trailer** functions as working crate and scale when lowered to the ground or when raised, it functions as a loading ramp to load animals onto a truck, allowing farmers to manage livestock in a more streamlined and efficient manner. Each of these mobile units enhances farm productivity by combining ease of use, mobility, and accurate weighing capabilities.





For more information, visit www.tal-tec.co.za.



BOVA
SAFETY WEAR

# PURPOSE ENGINEERED FOR USE IN TOUGH AGRICULTURAL ENVIRONMENTS

BOVA's range of safety wear has been purposefully engineered for use in harsh industries like agriculture. Every product in our range delivers unrivalled protection, comfort and durability, empowering you to focus on the job at hand with complete peace of mind.



NEOFLEX



HIKER



CONTI-SUIT 65/35
ROYAL BLUE



CHELSEA



MAVERICK

CHOOSE BOVA FOR UNCOMPROMISING SAFETY TODAY.

ENGINEERED WITH PURPOSE

**www.bova.co.za**

PROUDLY SOUTH AFRICAN

BEETLEINC - BOV133G

# Do not compromise on safety:

## Choose BOVA's superior quality purpose-engineered safety wear




**Article supplied**

When you work in harsh environments, your safety should be your top priority. At BOVA, we know that safety wear is not an accessory – it is a vital tool that directly impacts the performance and safety of workers across various industries.

With a relentless commitment to the wellbeing of our customers, our core mission is to design, manufacture and deliver innovative safety wear that provides the uncompromising protection you need to get the job done. Through a careful analysis and understanding of the various risks involved in specific industries, we are able to purpose-engineer a comprehensive range of safety products that meet and exceed industry standards for a reliable and long-lasting solution.

This enables us to provide an extensive range that not only caters to different industries, but to the unique levels of protection each worker within that industry requires. Our deep understanding of our customers' work environments allows us to supply the ideal product for the protection level needed. Rather than taking a one-size-fits-all approach to safety, we dedicate ourselves to providing appropriate safety wear that strikes the perfect balance between comfort, performance and protection. Whether it is construction, manufacturing, mining or any other industry, BOVA has mastered the art of crafting superior safety wear that provides unparalleled protection, with specific features to improve performance in the workplace.

At the heart of our success is our unwavering commitment to using only the best quality materials for each and every one of our products. We know that compromise is not an option, and ensure that every component of our safety wear meets international quality and performance standards in order to deliver maximum protection and durability. Unlike cheaper alternatives that are constantly flooding the market, we refuse to cut corners when it comes to quality – because we know that your safety is on the line.

That is why all BOVA products are manufactured in ISO 9001-accredited facilities, using state-of-the-art technology and innovations. By focusing on quality at every step of the manufacturing process, we can ensure that everything we deliver performs at the upper limits of the purpose for which it was engineered. Taking things a step further, our safety footwear proudly meets SANS 20345:2014 / ISO 20345:2011 for personal protective equipment – safety footwear, and SANS 20347:2014 / ISO 20347:2012 for occupational footwear.

The true cost of a bad purchase is not reflected in the price tag alone; it is felt in the compromised performance, reliability and, ultimately, safety of those who use it. When you are choosing safety wear, it is crucial to carefully consider the performance and longevity of the products, not just the price tag. Settling for anything less than the best not only compromises on durability and performance, but ultimately jeopardises the safety and wellbeing of the workers who use them.

At BOVA, our unwavering commitment to purpose-engineered excellence stands as a beacon of reliability and trust in a market saturated with poorly-made products. When you choose BOVA, you choose the cutting edge of safety products that have been meticulously designed with the worker and the hazards they face every day in mind.

By leveraging superior materials combined with our in-depth industry knowledge and understanding, BOVA is constantly setting new standards for excellence in safety wear. So when it comes to selecting safety wear, choose the brand that stands for ultimate protection, durability and performance. Choose BOVA today.





TotalEnergies




# Your daily partner

## Tailor-made lubricants for agriculture.

Our Agri Range, a solution of high-technology lubricants designed to keep your agricultural equipment not just operating, but out-performing in all conditions and in all seasons.

SCAN HERE

AGRI RANGE

www.faw.co.za

# THE FAW JH6 28.500FT

## 500 HP POWER
12 Speed AMT ZF TraXon gearbox

## COMFORT
Stylishly functional air suspension seats with multi-directional adjustment feature

## SAFETY
Enhanced dashboard design for better control operation

## FUEL ECONOMY
Dual 450L aluminium alloy fuel tanks deliver exceptional long-range hauling




FAW TRUCKS SOUTHERN AFRICA

**Head office:**
45 Brabazon Road, Isando,
Gauteng | marketing@faw.co.za

SCAN THE
QR CODE TO
CONTACT US



# NAMPO Kaap 2024

## Landbou: Die ruggraat van ekonomiese groei

**deur Bianca Henning**

So het die stof gaan lê en ons kyk terug na nog 'n suksesvolle landbougeleentheid op die landboukalender. NAMPO Kaap het vanjaar hulle vyfde bestaansjaar gevier met die tema: **Landbou, die ruggraat van ekonomiese groei.** Die landbouskou het tussen 11 en 14 September te Bredasdorppark plaasgevind en is aangebied in samewerking met Graan SA.

Hierdie geleentheid is jaar na jaar 'n groot hoogtepunt op Wes-Kaapse boere se landboukalender en het vanjaar weer bewys waarom dit 'n onmisbare platform vir die landbougemeenskap is.

Met 45 894 besoekers oor vier dae, het hierdie jaar se ekspo 'n vertoonvenster van landbouvernuwing geword, wat deelnemers en besoekers die geleentheid gegee het om die nuutste tegnologie te verken, uitdagings in die bedryf aan te pak en saam te droom oor die toekoms van landbou.

Die klem is geplaas op die kritieke rol wat die landbousektor speel in die bevordering van die nasionale en wêreldekonomie, asook om voedselsekerheid te verseker. Henk Aggenbach, voorsitter van Bredasdorppark NPC, het beklemtoon hoe die ekspo nie net 'n landbougeleentheid is nie, maar 'n belangrike ekonomiese inspuiting vir die streek, met 'n geskatte R15-miljoen tot R25-miljoen wat in die plaaslike ekonomie vloei en meer as 100 werksgeleenthede in die Overberg bied.

'n Hoogtepunt was die besoek van minister van Landbou, John Steenhuisen, wat op 13 September 'n kort draai by die ekspo gemaak het. Hy het nie net die jongste landboutegnologie bewonder nie, maar ook die hartlike atmosfeer en gasvryheid waardeer.

Wat NAMPO Kaap werklik onderskei, is die skouspel van uitstallers en vernuwings wat jaar na jaar groei. Vanjaar het meer as 600 uitstallers, insluitend 542 nuwe inskrywings, hulle beste produkte, masjinerie en tegnologie uitgestal. Met 'n groter uitstalruimte wat nog 38 standplase bygevoeg het, kon die nuutste landboumasjinerie en tegnologie, soos battery-aangedrewe voertuie, op 'n spesiale baan in aksie gesien word.

Een van die mooiste aspekte van die geleentheid was die skaaphondekspo, wat in samewerking met die Suid-Afrikaanse Skaaphondvereniging aangebied is.

Besoekers kon deel wees van skouklasse en veilings, terwyl Toyota se Nasionale Kompetisie vir Jong Afslaers ook vir groot opwinding gesorg het.

Die Suid-Afrikaanse Lipizzaners en die unieke Fynbosfees het besoekers



**'n Hoogtepunt was die besoek van die minister van Landbou, John Steenhuisen. Hier kuier hy by die Case IH-standplaas. (Foto: Case IH Facebookblad).**




ONS IS SLIM
MIELIES
Ons mieliekultivars is ontwerp met die plaaslike produsent in gedagte. Ons seleksie is gemik op nasionale geografiese liggings sowel as besproeiings- en kuilvoergefokusde saadprodukte. Maak jou keuse uit 'n wye reeks van wit-en geelmieliesaadbasters.
PIONEER®
GEMAAK OM TE GROEI™
Besoek ons webtuiste
CORTEVA™
agriscience
™ ® SM Handelsmerke en diensmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye en geregistreerde lisensiehouers.
© 2023 Corteva.

nie net vermaak nie, maar ook kultureel verryk.

Die jeug is ook nie vergeet nie. ’n Spesiale skoolprogram, gereël deur die Wes-Kaapse Departement van Landbou, het 500 leerders van 30 skole praktiese leerervarings gebied wat hulle akademiese leerplanne versterk het. Die Overberg Streeksjeugskou het jong landbougeesdriftiges die kans gegee om hulle vaardighede te wys.

Volgens dr Dirk Strydom, besturende direkteur van NAMPO, is landbou ’n integrale deel van Suid-Afrika se ekonomiese en maatskaplike groei. “NAMPO Kaap is meer as net ’n landbouskou. Dit is ’n geleentheid om produsente toe te rus met die kennis en tegnologie wat hulle benodig om volhoubare groei te verseker. Dit is ook ’n platform vir die jeug om betrokke te raak, nuwe idees te ontdek, en die toekoms van landbou vorentoe te neem.”

NAMPO Kaap 2024 het sy strewe voortgesit om ’n ontmoetingspunt vir die landbougemeenskap te wees, waar kennis, netwerkgeleenthede en vernuwing hand-aan-hand gaan. Hierdie platform verseker dat die landboubedryf nie net van toepassing bly nie, maar ook gereed is vir die uitdagings en moontlikhede van die toekoms.

NAMPO Kaap 2024 het sy doelwit bereik om 'n platform vir netwerkvorming, vernuwing en die uitruil van kennis te skep en bly 'n belangrike bymekaarkomplek vir Suid-Afrika se landbougemeenskap, wat sowel huidige as toekomstige geslagte boere begeester.




**Braud-druiweplukkers en wynmaak is al 49 jaar sinoniem. Hulle werk vinnig om druiwe te oes binne die venster waar wyndruiwe die hoogste suikerinhoud het. Hierdie werktuie is veral gewild in die Wes-Kaap-streek waar wyn- en wingerdboerdery 'n algemene bedryf is. Jaco du Preez, bemarkingsbestuur van New Holland, het besoekers meer oor die indrukwekkende werktuig vertel.**




**PACSys se DJI Agras T50-hommeltuig was ’n groot trekpleister. Hierdie hommeltuie kan gebruik word vir die toediening van chemikalieë, korrelkunsmis en onkruidkorrels.**




**Die vee-uitstalling was soos altyd ’n groot hoogtepunt met rasse en telers van regoor die land wat hulle rasse verteenwoordig en net die beste diere ten toon gestel het. Die Romagnola-genootskap se diere het buite die BKB-saal gepronk en het behoorlik die plaasgevoel dorp toe gebring.**

**Die Suid-Afrikaanse Lipizzaners het gesorg vir genoeg vermaak tydens vanjaar se NAMPO Kaap. (Foto: NAMPO Kaap Facebookblad).**



NAMPO Kaap se datums vir volgende jaar is vasgestel vir 10 to 13 September 2025 op Bredasdorppark. Vir meer inligting, besoek www.nampokaap.co.za.

# WE'RE ADDING VALUE TO YOUR RANGE

- BUTTERFLY & WAFER VALVES
- CAMLOCK FITTINGS
- CLAMPS
- COMPRESSION & SADDLES
- DRIPLINE IRRIGATION NEW
- FITTINGS FOR PVC PIPES
- FLANGES & JIS
- FERTILIZER TANKS NEW
- IRRIGATION FILTERS NEW
- MALLEABLE FITTINGS
- MULTI-RANGE FITTINGS
- POLY PROP FITTINGS
- QUICK COUPLING FITTINGS
- QUICK COUPLING ACCESSORIES
- QUICK COUPLING HDPE SYSTEMS NEW
- RAIN BIRD
- VALVES & BRASS FITTINGS
- TANK CONNECTORS
- SIME GUNS
- VYRSA





IRRIGATION UNLIMITED

SINCE 2003





DRIPLINE IRRIGATION





DRIPLINE FITTINGS





DRIPLINE KITS





QUICK COUPLING HDPE SYSTEMS





FERTILIZER TANKS





IRRIGATION FILTERS

## PROUD DISTRIBUTOR OF

Cascade · wahl INDUSTRIES · TOMMY · VENICE · ROTRIXAFRICA MECHANISED IRRIGATION SYSTEMS BUILT TO IRRIGATE AFRICA

OCMIS · VYRSA · OYA · KLEBOC · GOLD MEDAL · sime · ming · Afriq Water NEW

www.iunlimited.co.za

Wholesale supplier and distributor of a wide range of irrigation products

Tobie Van Den Heever +27 82 658 6054

Henko Cilliers +27 71 303 8829

FIND YOUR NEAREST DEALER

PTA +27 12 736 2121 | CPT +27 21 946 1194

# Case IH Global Product Specialist:
## Big things to come for Axial Flow combines

by Natasha Pretorius

Bart van Damme, the Global Product Specialist on combines for CNH, discussed combine harvesters at NAMPO Cape.

Bart has been in the industry for 26 years and has travelled to 66 countries harvesting all kinds of crops, from maize to wheat, flower seeds and sugar bean seeds.

"It is amazing how the Axial Flow can handle all kinds of crops," says Bart. He adds that they have harvested crops in South Africa with 8% moisture and have even been harvesting wheat in Japan at 45% moisture. This machine can handle anything.

"The South African market is very important to us because it is a big market. You have special conditions here. You have more dry conditions and a lot of working hours with your combines. It is nice to see that our Axial Flow combines are doing a great job down here."

Bart says that South African farmers told him how happy they are with the performance of the machines, especially because they are easy to use, their simplicity, the grain quality and low running costs.

Case IH offers a whole range of Axial Flow combines, from the AF4000 to the AF4088 of which Bart was part of the development team years ago. He said that it makes him proud to see that this combine is also popular in the South African market.

Then they have the AF150 and AF250 that are doing really well, not only in South Africa but globally.

"We have also now added the Harvest Command on our flagship machines, and the customers are happy with this, because this gives the operator the possibility of working at maximum capacity all the time without losses."

But Bart did not just come to enjoy the African sun and boast about their combines, he also brought good news.

"Die groot bulstroper van Axial Flow kom na Suid-Afrika," he says.

"It will be a machine up to almost 597 kW or 800 hp, with a grain tank of up to 20 000 litres. We have the biggest rotor in the industry now, and the biggest cleaning area.

**So, die manne met die tapkarre, maak julle maar reg want julle gaan Red Bull moet vat om by die stroper te bly!"**







**Bart van Damme, the Global Product Specialist on Combines for CNH, brings big news.**






BEAUVAIS HOË PERDEKRAG TREKKERS:
**110 -272kW**



GLOBAL SERIES TREKKERS:
**61 -98 kW**



BOORDTREKKERS:
**55 - 63 kW**

**KONTAK JOU NAASTE MF-HANDELAAR. WWW.MASSEYFERGUSON.COM**
EERSTE KOM EERSTE MAAL. TERWYL VOORRAAD HOU.

AGCO FINANCE

Aanvangsfooi en diens mag van toepassing wees. B's & V's geld en finansiering is onderhewig aan goedkeuring deur AGCO Finance, 'n produk van WesBank - 'n afdeling van FirstRand Bank Bpk. 'n Gemagtigde finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer. NCRCP20.

Bepalings & voorwaardes geld: 25% deposito, 36 maande leningstermyn, vaste rentekoers, maandeliks terugbetaling. Geldig vanaf 1 Feb 2024.

'n Produk van WesBank

MASSEY FERGUSON

# Daai All Gold-lekkerte: Elke tamatie word met liefde gekweek

deur Natasha Pretorius



'n Werker dra tamatiekratte na die lande sodat hulle volgemaak kan word.

Elke bottel All Gold tamatiesous bevat 36 tamaties, of so het die bekende advertensie in die negentigs beweer. Die vraag is waar kom hierdie smullekker tamaties vandaan.

Tydens 'n onlangse Tiger Brands-erfenistoer is die proses van saad tot tafel haarfyn verduidelik. Dit is nie sommer enige tamaties wat vir hierdie lekker sous gebruik word nie en boere wat vir Tiger Brands tamaties kweek volg streng stappe om tamaties van net die beste gehalte te verskaf.

## Tiger Brands ondersteun boere en hef hulle op

Tiger Brands is die grootste aankoper van grondstowwe in Afrika, juis omdat hulle een van die grootste vervaardigers is.

Mary-Jane Morifi, hoof van korporatiewe sake en volhoubaarheidsbeampte van Tiger Brands, vertel dat hulle tamatieverskaffers hoofsaaklik kommersiële boere was. Tiger Brands wou egter uitreik na kleinskaalse boere om hulle ook die soort geleenthede te bied, en selfs later te help ontwikkel om kommersiële boere te word.

Hulle het besef dat hulle aan hierdie boere ondersteuning sou moes bied, omdat insetkoste aan die begin bloot te hoog was vir die kleiner boere.

Hierdie boere het lande gehad, maar dit was nie hulle eie lande nie, so hulle het nie titelaktes gehad waarmee hulle kon bank toe gaan en aansoek doen om lenings nie.

Hulle het ook nie die tegniese kennis gehad om die hoeveelheid en gehalte tamaties te lewer wat Tiger Brands vereis het nie.

Daarom het Tiger Brands die ondernemings- en aanbodontwikkelingsprogram geloods. Basies verseker dit dat hulle elke tamatie sal aankoop wat die boer in die grond plant. Dus word daar nie een enkele saad geplant voordat Tiger Brands onderneem het om die oes te koop nie.

Selfs met die ekstra hulp, sê Mary-Jane, lewer Suid-Afrikaanse boere nie genoeg produkte vir hulle vereistes nie en hulle moet steeds produkte invoer.

Hulle invoere sluit ook graan in met die uitsondering van mielies, maar in 2023 het Suid Afrika 40% minder mielies opgelewer en hulle moes dit ook invoer.

Tiger Brands is nie net vol leë beloftes nie en het reeds 'n fonds van R100-miljoen gestig waarmee hulle opkomende boere wat produkte aan hulle verskaf kan ondersteun.

"Ons strategie is om eers na ons Suid-Afrikaanse boere om te sien, dan na die Afrika-boere en dan uit te brei na ander lande," vertel sy.

## Die kweekproses en onderhandelinge met boere

Een van die plase wat aan Tiger Brands tamaties verskaf is die DR NJ Nesaneplaas in Musina. Hier boer Ntuseni Jnr Nesane en Khathutshelo Nesane voort op die plaas wat hulle pa sowat 30 jaar gelede begin het.



'n Spesifieke tamatiekultivar word vir All Gold-tamatiesous gebruik.

ONS IS SLIM

# SAADBESKERMING

POWERCORE™

**PowerCore™-eienskaptegnologie**

PowerCore™-tegnologie is 'n hoë-prestasie, onkruiddoderbestande saadeienskap wat help om gewasse doeltreffend teen skadelike bogrondse insekte, soos die mieliestamruspe en Chilo-boorder, te beskerm.

## PowerCore™-tegnologie bied omvattende beheer van bogrondse lepidoptera-peste

PowerCore™-tegnologie kombineer veelvuldige werkswyses om primêre en sekondêre peste te bestry wat aansienlike oesskade en meegaande produksieverliese kan veroorsaak. Die eienskap bestaan uit drie verskillende *Bacillus thuringiensis* (Bt)-proteïene, wat elk insekte op 'n unieke manier teiken, terwyl dit help om die langslewendheid van die tegnologie te verleng. Die veelvuldige werkswyses verseker ook breëspektrum beskerming teen bogrondse peste.

### Insekspektrum

Daar is verskeie lepidoptera-peste wat mielies in Afrika aanval. Hierdie peste veroorsaak erge skade aan mielies, en oesverliese kan wissel na gelang van die tyd en vlak van stamboorderbesmetting.



**Mieliestamruspe (*Busseola fusca*)**

Hierdie is die mees skadelike stamboorder in mielies in Suid-Afrika en kom voor by hoogtes wat wissel van seevlak tot 2 000 m bo seespieël. Dit kom wydverspreid voor in Suid-Afrika se mielieproduksiedriehoek.



**Chilo-boorder (*Chilo partellus*)**

Hierdie is 'n stamboorderinsek wat 'n ernstige pes in mielies en sorghum is. Die Chilo-boorderruspes beskadig hierdie gewasse deur binne-in die plantstingels in te boor of te tonnel.

PIONEER®

GEMAAK OM TE GROEI™

Besoek ons webtuiste

PowerCore™ multi-eienskap tegnologie is deur Corteva Agriscience en Monsanto ontwikkel. PowerCore™ is 'n handelsmerk van Monsanto Technology LLC. Roundup Ready® Maize 2 is 'n geregistreerde handelsmerk van Monsanto LLC.

CORTEVA™ agriscience

™ ® SM Handelsmerke en diensmerke van Corteva Agriscience en geaffilieerde maatskappye en geregistreerde lisensiehouers.
© 2023 Corteva.



Hulle boer hoofsaaklik met tamaties en botterskorsies.

Hulle pad met Tiger Brands kom al ver en Ntuseni vertel dat sy pa hulle van kleintyd reeds geleer het van boer. Hy sê op hulle plaas is daar nie 'n baas nie en hy en sy broer verseker dat hulle elke dag in die lande is saam met die werkers.

"Dit is die enigste manier hoe jy kan verseker dat jy presies weet wat op jou plaas aangaan, deur fisies die werk te doen en 'n ogie te hou," vertel hy laggend.

Die kontrak wat hulle met Tiger Brands het bepaal dat hulle 2 400 ton tamaties per jaar moet lewer. Hulle is nie die enigste boere in die Musina-omgewing nie en Sipho Modiba, landboubestuurder van Tiger Brands, vertel dat die boere in Musina verlede jaar 25 000 ton tamaties gelewer het.

Die Nesane-broers is egter die grootste van die Tiger Brands-tamatieboere in die gebied. Hulle boer op 450 hektaar en het sowat 150 permanente werknemers. Hulle probeer om so min as moontlik gebruik te maak van tydelike werkers. Ntuseni vertel die rede hiervoor is omdat hulle mense in diens wil neem wat weet wat hulle doen en hoe die prosesse werk.

Een van hulle grootste uitdagings is egter die gebrek aan grond. Omdat hulle plaas nie so groot is nie, kry hulle grond nie kans om te rus tussen seisoene nie.

Hulle oes oor die algemeen so tussen 80 en 90 ton tamaties per hektaar, maar het in die verlede al tot 250 ton op 'n hektaar geoes.

Hulle plant botterskorsies, pampoen en murgpampoene vir wisselbou. Die tamaties wat hulle plant is 'n bepaalde kultivar. Die kultivar rank nie hoog nie en dra meer tamaties per plant. Dit het ook 'n hoër veselinhoud wat beter is vir die tamatiesousproduksieproses.

## Die ooreenkoms tussen die boere en Tiger Brands

Om vir Tiger Brands tamaties te kweek is nie net 'n geval van tamatie plant en verkoop nie.

Elke jaar bepaal All Gold hoeveel tamatiepasta hulle gaan benodig en stel daarvolgens vir die boere produksiekwotas.

Elke boer verbind homself om 'n sekere hoeveelheid tamaties te lewer. Omdat die plase se groottes verskil, besluit elke boer hoeveel hy sal kan voorsien. Van die groot boere verskaf tot 10 000 ton tamaties per seisoen. Die hoeveelheid word ook opgedeel tussen die boere in Musina en die boere in Lutzville in die Wes-Kaap.

'n Plantskedule word dan opgetrek om te bepaal hoeveel saailinge elke boer gaan benodig, asook die plant- en oestye. In 2023 het Tiger Brands 29-miljoen sade gebruik wat aangekoop is teen 'n koste van R30-miljoen.



Die tamaties is reg om verkoop te word.

Tydens die groeiseisoen word al die fabriek se toerusting uitmekaar gehaal en deeglik versien.

Die boer dien dan sy bestelling vir saailinge by die kwekery van sy keuse in en die kwekery laat weet vir Tiger Brands hoeveel saad hulle gaan benodig om saailinge te kweek, sodat dit aangekoop en afgelewer kan word.

Wanneer dit dan tyd is om die tamaties af te lewer, word die prys van die saailinge afgetrek van die prys wat die boer vir sy tamaties kry.

Tiger Brands bied ook vir die boere 'n kontantvoorskot aan die begin van die seisoen. 'n Boer kan 10% van die waarde van sy kontrak in kontant kry. Hierdie geld kan dan gebruik word vir insetkoste, maar word ook afgetrek sodra die oes verkoop word.

In die geval van 'n natuurlike ramp sal Tiger Brands die kontrak hersien om te kyk hoe hulle die boer kan bystaan om die verliese minder te maak.

Daar is ook 'n aansporingsbonus vir boere wat hulle kwota lewer. Indien 'n boer meer as sy kwota lewer, kry hy R120 ekstra vir elke ton tamaties wat hy bo sy kwota lewer.

Die tamatie-oesseisoen in Musina is gewoonlik van April tot September en van Januarie tot Mei in Lutzville. Tiger Brands benodig 100 000 ton tamaties per jaar om All Gold-tamatiesous te maak. Die Tiger Brands-boere verskaf 72 000 ton van hierdie tamaties terwyl die oorblywende hoeveelheid ingevoer word, mits dit nie deur die boere voorsien kan word nie.

So wanneer jy jou tamatiesous oor jou skyfies gooi, weet jy ook nou waar die lekker tamaties vandaan kom.




Dedicated to advancing
SUSTAINABLE
agriculture
Summer grain
Blueberries
Citrus
Macadamia
Avocados
S
Cl
Mo
Ca
Mg
Reduce chemicals and chemical residue with adaptive technologies that increase soil and plant health.
Produce healthy, high quality food with less impact on the environment.
DUX AGRI
375 Calliandra road, Montana Park, Pretoria | +27 87 110-0129 | info@duxagri.com


AGRIMARK
Now
Online
Dulux
ROCK GRIP
PLASTER
ZIGGI PET
FOOD FOR DOGS
20 kg
ADULT
BULK & SAVE
hth
RYOBI
ROSE & FLOWER FERTILIZER
8:1:5 (17)
Now you can shop online for selected products and browse product in-store availability.
www.agrimark.co.za

YARA

Knowledge grows

## Animal nutrition... weathering changing conditions.

**Weather-resistant phosphate trace-mineral supplements and concentrate for your cattle, sheep and goats.**

**PhosSure 6/12 & PhosPro 17:**

- Essential for optimal growth, production and reproduction of animals grazing phosphate poor pastures.
- The molasses byproduct enhances palatability to ensure sufficient P intake.
- Contains increased levels of essential trace minerals in the correct ratio to phosphorus.
- A unique feature is the hard crust that forms after exposure to moisture, protecting the product from rain damage.
- PhosPro 17 contains 17% protein in the form of Feed Grade Urea for optimal activity of the microbes in the rumen.

*For that extra nutritional boost when your animals need it most.*

**www.yara.co.za/animal-nutrition/**

animal.nutrition.sa@yara.com | **Tel:** +27 (0)31 910-5100

Yara Animal Nutrition South Africa (Pty) Ltd. Reg. No. 2001/025850/07

PhosSure 6 – SA Reg. No. V11350, PhosSure 12 – SA Reg. No. V12858, PhosPro 17 – SA Reg. No. V24441

(All products are registered under Act 36 of 1947.)



DE MEYER BETONWERKE

Tot U diens vanaf 1971

**Vervaardigers van:**

- **Betonmure**
- **Beton pallisadeheinings**
- **Bees- en skaapdrinkkrippe**
- **Bees- en skaapvoerbakke**
- **Kuilvoerbunkers**



facebook

Bothaville



**www.demeyerbeton.co.za**

**Navrae: 056-515-3847 / Dawie: 084-250-3846**

THEY ARE BOTH

# MADE TO LEAD




When a transport operator, with just four trucks, learns how to use data to save more fuel than his competitors, he is made. When a farmer learns he can use seasonal cash flow to pay for new trucks, he knows it is a deal made especially for him. He is made. When a bus operator's customers compliment him on his vehicle's quality and comfort, he understands that they were made for each other. When a sustainability pioneer uses data to watch his carbon footprint drop, he can already see the difference he's made. When a fleet manager can rely on technologically leading safety features to keep his drivers safe, he knows he's made the right call. When a procurement manager calculates how Preventative Maintenance can minimise downtime, his decision is made. When a driver can access 24/7 roadside support, with just one phone call, his day is made.

MADE TO LEAD

**It's why we know.**
**Leading transport operators aren't born.**
**THEY ARE MADE.**

**#MadetoLead**

SCANIA



# Grasse van Suid-Afrika deel 9: Pluime

deur Ashleigh Venter

**Vaalsteekgras (*Aristida canscens*)**
Hierdie tipe gras kom voor in droë grasvelde en bosveldgebiede. Dit is lief vir versteurde grond, soos waar erosie prominent is. Dit groei gereeld in harde en klipperige grond. Omdat hierdie gras hard en onsmaaklik is, is dit swak weiding.

**Hoe ken ek dit uit?**
- Droë blare is gekrul
- Blare het verdikte rande
- Blare word aan die onderkant van die pol gedra



Vaalsteekgras (bron: Gigi Laidler)

**Blinkaar-boesmangras (*Stipagrostis uniplumis*)**
Dié gras groei in sand- en klipperige grond. Dit groei ook dikwels langs paaie. Blinkaar-boesmangras is nie 'n weidingsgras nie, maar in baie droë gebiede word dit tog so benut.

**Hoe ken ek dit uit?**
- Die gras het baie harde halms
- Bloeiwyses het veeragtige kafnaalde
- Lang, wit hare aan die punt van die blaarskede



Blinkaar-boesmangras (bron: https://powo.science.kew.org/taxon/urn:lsid:ipni.org:names:423934-1)

**Vink-agrostis (*Agrostis lachnantha*)**
Vink-agrostis groei in klam plekke, soos langs riviere en vleie. Dit kom prominent voor in grasveld, fynbos, karoo en bosveld, en gebiede met 'n koel klimaat. Alhoewel hierdie gras smaaklik is, groei dit nie in die weiveld nie en is daarom nie 'n weidingsgras nie. Dit is wel waardevol om klam grond te stabiliseer.

**Hoe ken ek dit uit?**
- Onderste knope is knievormig
- Halms het donker, gebande knope
- Onderste deel van plant het persrooi skakerings



Vink-agrostis (bron: earth.com)

**Steekblaar-rooipluim (*Melinis nervglumis*)**
Hierdie gras groei in matige tot hoëreënvalgebiede, in onversteurde en klipperige grond. Dit groei ook graag teen klipperige hellings. Hierdie gemiddelde tot swak weidingsgras het gerolde, draadvormige blare. Steekblaar-rooipluim lyk pragtig in tuine, met helder pienk bloeiwyses.

**Hoe ken ek dit uit?**
- Pluim is sag en harig met pers en wit blompakkies
- Onderste blaarskedes oorvleuel
- Blom regdeur die jaar



Steekblaar-rooiplum (bron: Wildflower nursery)

**Hamelgras (Eragrostis nindensis)**
Hamelgras groei maklik in versteurde grond wat klipperig is. Hierdie gras kan na reën baie vinnig rehidreer in droë en vlak grond. Die blaarproduksie van die gras is swak, alhoewel dit 'n smaaklike gras is.

**Hoe ken ek dit uit?**
- Halms is regop en onvertak
- Ouer bloeiwyses is pienk
- Blompakkies is geelgroen



Hamelgras (bron: Wildflower nursery)

**Smalhartjiesgras (Eragrostis racemosa)**
Dié gras groei in gebiede met hoë reënval, in die bosveld en fynbos. Dit is 'n maklike gras wat in 'n groot verskeidenheid van habitatte voorkom. Alhoewel smalhartjiesgras lae blaarproduksie het, word dit steeds goed bewei.

**Hoe ken ek dit uit?**
- Blompakkies is olyfgroen
- Blompakkies is skurf
- Blare is basaal gekonsentreer



Smalhartjiesgras (bron: Wildflower nursery)

**Hartjiesgras (*Eragrostis capensis*)**
In vleigebiede en ander plekke waar dit byna heel jaar klam is, dit is waar jy hartjiesgras sal aantref. Dit groei ook dikwels langs die pad waar reënwater versamel. Hierdie is een van die eerste grasse wat jy in die lente sal sien uitloop.

Hoe ken ek dit uit?
- Blompakkies is groot en hartvormig
- Min blompakkies per bloeiwyse
- Moeilik om uit die grond te trek


Hartjiesgras (bron: JH Vlok)

**Weeluisgras (*Eragrostis superba*)**
Weeluisgras groei in versteurde grond met kaal kolle. Dit groei ook op termiethope. Hierdie smaaklike gras groei vinnig en word goed bewei. Hoe later in die seisoen dit word, hoe harder raak die gras en word nie meer bewei nie.

**Hoe ken ek dit uit?**
- Blompakkies is strooikleurig
- Bloeiwyse is 'n saamgetrekte of oop pluim
- Blompakkies is groot en ovaal


Weeluisgras (bron: Silverhill Seeds and Books)

**Besemgras (*Eragrostis pallens*)**
Die gras groei hoofsaaklik in sanderige gebiede, en is meer algemeen in klam grond. Besemgras is 'n harde gras wat nie gereeld bewei word nie, alhoewel die bloeiwyses soms bewei word.

**Hoe ken ek dit uit?**
- Halms is blink en regop
- Blaarskyf is hard en haarloos
- Ouer blaarskedes is geel


Besemgras (bron: Waterberg BioSoektog)

**Skurwesteekgras (*Aristida rhiniochloa*)**
Skurwesteekgras groei goed in versteurde grond en enige grondsoort, maar kom meestal voor in klipperige en sanderige grond. Die blare is skurf en min. Hierdie gras groei daar waar min ander grasse kan oorleef. Dit speel 'n belangrike rol in grondstabilisering.

**Hoe ken ek dit uit?**
- Bloeiwyses is skurf
- Blaarskede het lang, wit hare
- Halms en knope het pers skakerings.


Skurwesteekgras (bron: AA Dreyer)

**Langnaaldsteekgras (*Aristida stipitata*)**
Hierdie gras sal jy aantref in diep sand- en leemgrond. Dit groei dikwels in versteurde grond en op rotskoppies. Die hele plant is hard en het min blare. Langnaaldsteekgras is 'n aanduiding van 'n oorbeweide veld.

**Hoe ken ek dit uit?**
- Blompakkies het elk drie lang, dun kafnaalde
- 'n Yl, meerjarige gras
- Die gedeelte tussen die kafnaalde en punt van die blompakkie is gedraai


Langnaaldsteekgras (bron: Richard Wadley)

**Gouebaardgras (*Chrysopogon serrulatus*)**
Dié gras groei in droë gebiede in die bosveld en bergagtige terreine. Dit groei goed in klipperige en kleigrond. Hierdie gras is smaaklik en sag met goeie blaarproduksie.

**Hoe ken ek dit uit?**
- Blougroen blare
- Bloeiwyse is 'n pluim waarvan die slap vertakkings in kranse gerangskik is
- Die middelste blompakkie het 'n lang, gedraaide, gebuigde kafnaald


Gouebaardgras (bron: Kalugaringon nga buhat)

**Grootbewertjiegras (*Briza maxima*)**
Hierdie gras kom voor in versteurde grond. Dit groei goed in die skadu en in goed gedreineerde grond. Grootbewertjiegras is aantreklik en word gereeld in blommeranskikkings gebruik.

**Hoe ken ek dit uit?**
- Aantreklike hangende pluime
- Blare is heldergroen en skurf aan die rande
- Blompakkies is groot en min


Grootbewertjiesgras (bron: Barn Florist)

**Langnaaldbromus (*Bromus diandrus*)**
Langnaaldbromus groei goed in versteurde grond, veral daar waar water versamel. Hierdie gras is ’n onkruid in die graanproduserende gebiede. Dit word baie moeilik chemies beheer. Dit kan beheer word deur lande baie diep te ploeg tydens voorbereiding vir planttyd.

**Hoe ken ek dit uit?**
- Blompakkies is groen en pers
- Blaarskedes van die saailinge is gestreep
- Blompakkies het lang, reguit kafnaalde


Langnaaldbromus (bron: Communitree)

**Kalahari-suurgras (*Schmidtia kalihariensis*)**
Hierdie gras kom in woestyngebiede en in sandgrond voor. Kalahari-suurgras is ’n baie belangrike pioniergras. Dit groei baie vinnig en kan oop sand in ’n kort tyd beskerm. Dit word ook goed bewei, hetsy groen of droog. In goeie reënjare word daar hooi van die gras gemaak.

**Hoe ken ek dit uit?**
- Die hele plant het fyn haartjies
- Het ’n suur reuk
- Is klewerig en kan die vel irriteer as daar te veel aan geraak word


Kalahari-suurgras (bron: Marco Schmidt)

ProAgri sê dankie aan Frits van Oudtshoorn wat sy boek, Grasse van Suider-Afrika, beskikbaar gestel het as ’n handleiding vir die reeks. Frits is ’n weidingskonsultant en kan gekontak word by (+27)78-228-0008 of frits@alut.co.za.

Indien jy belangstel om meer oor die grasse van Suider-Afrika te leer, kan jy Frits se boek koop by Soutpansbergweg 121, Riviera, Pretoria, of aanlyn via marketing@briza.co.za.







# Protect Your Table Grapes

Our fungicides assist you in producing healthy, high-yielding and profitable table grapes.

## FUNGICIDES

**Associate® 240 EC**

**FUNGICIDE**

### Powdery Mildew



Powdery Mildew is the most persistent fungal problem in grapes and one of the most widespread fungal diseases affecting grapevines across the world. Caused by the fungal pathogen (Uncinula necator = *Oidium tuckeri*) it presents as an ash-grey to white powdery growth on the green tissue of vines. It affects both table grapes and wine grapes.

**Associate® 240 EC** (Reg. No. L10358) is an emulsifiable concentrate systemic preventive and residual fungicide for the control of Powdery Mildew (Uncinula necator = *Oidium tuckeri*) in wine and table grapes.

**Curzate® 600 WG**

**FUNGICIDE**

**Equation® PRO**

**FUNGICIDE**

### Downy Mildew



Downy Mildew is a serious fungal disease in grapes that has the potential to cause severe crop damage and loss. Caused by the fungus (*Plasmopara viticola*) this pathogen attacks all green parts of the vine, especially the leaves. Lesions on the leaves are angular, yellowish, sometimes oily, and located between the veins.

**Curzate® 600 WG** (Reg. No. L10150) is a water dispersible granule fungicide, which is locally systemic and offers both preventative and curative control of downy mildew (*Plasmopara viticola*) on table and wine grapes.

**Equation® PRO** (Reg. No. L6677) is a preventive and curative fungicide (water dispersible granule) for the control of downy mildew (*Plasmopara viticola*) in wine and table grapes.

## OUR CROP PROTECTION PRODUCTS ARE AT THE HEART OF AGRICULTURE

**FOR MORE INFORMATION CONTACT THE REGISTRATION HOLDER:** Corteva Agriscience RSA (Pty) Ltd · Reg. No. 1997/003030/07 • **Paarl** +27 (0) 21 003 8259 • **Centurion** +27 (0) 12 683 5700 • 2nd Floor, Building A, Lakefield Office Park, 272 West Avenue, Centurion, 0157, Gauteng, Republic of South Africa.

**ALWAYS USE ACCORDING TO LABEL RECOMMENDATIONS:** Associate® 240 contains Proquinazid (160 g/l) and Tetraconazole (80 g/l) | Reg. No. L10358 | Act No. 36 of 1947 • Curzate® 600 WG contains Cymoxanil (600 g/kg) | Reg. No. L10150 | Act No. 36 of 1947. • Equation® PRO contains Cymoxanil (300 g/kg) and Famoxadone (225 g/kg) | Reg. No. L6677 | Act No. 36 of 1947. ™ ® Trademarks of Corteva Agriscience and its affiliated companies. © 2024 Corteva.

WARNING — **HAZARD STATEMENT(S) FOR ASSOCIATE® 240**
Suspected of causing cancer. Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

WARNING — **HAZARD STATEMENT(S) FOR CURZATE® 600 WG**
Flammable liquid and vapour. Harmful if swallowed. Causes serious eye damage. Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

WARNING — **HAZARD STATEMENT(S) FOR EQUATION® PRO**
Harmful if swallowed. Suspected of damaging fertility or the unborn child. Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

CORTEVA™ agriscience

Visit us at **corteva.co.za**

Groentetuin vir beginners 15:

# Kweek jou eie bessies

deur Tisha Steyn

Bessies is 'n waardevolle toevoeging tot jou groentetuin. Dit is gesond en lekker en jou gesin sal heerlik daaraan smul vir ontbyt, in slaai, in gladdejantjies (*smoothies*) en in soetgebak.

Bessies groei ook goed in houers en het beslis 'n plek selfs in die kleinste groentetuin. Nuwe kultivars en variëteite maak dit aanpasbaar by die meeste klimaatsomstandighede.

Die gewildste bessies sluit aarbeie, bloubessies, appelliefies, frambose en brame in.

## Aarbeie

Aarbeie het volson nodig, maar beskerming teen sterk wind. Plant in goed gedreineerde grond wat vooraf bemes is; voeg ook beenmeel by. Plant die aarbeiplante sowat 30 cm uit mekaar.

Die moederplant maak lopers waaruit klein plantjies voortspruit. As die babaplantjies sterk groei, kan jy die lopers wat dit aan die moederplant verbind afknip. Jy kan ook die plantjies versigtig uithaal en verder weg plant.

Gee gereeld net 'n bietjie water op 'n slag.

Wanneer die vruggies begin ontwikkel, kan jy die grond om die plant met 'n laag strooi, dennenaalde of plastiek met gaatjies bedek sodat die vrugte nie op die grond lê nie.

Moderne hibriede sluit ranksoorte soos '*Sweetheart*' in wat ook goed in potte of hangmandjies aard.

## Bloubessies

Bloubessies het 'n soetsuur geur en is propvol antioksidante. Hoekom duur betaal vir bakkies bloubessies as jy jou eie bessiebos in jou tuin kan kweek?

Nuwer bloubessiekultivars is geskik vir die meeste klimaatstoestande. Hulle sluit '*Peach Sorbet*' en '*Pink Icing*' in. Albei is kompakte bessiebosse met veelkleurige blare wat in die winter van kleur verander.

Die plante is selfbestuiwend en lewer massas bessies. Ryp bessies is oesgereed wanneer hulle 'n diep pers kleur het, nog ferm is en net effens meegee as jy saggies daaraan druk.

Bloubessies het ses tot agt uur volson of oggendson per dag nodig. Plant hulle in potte of in grond wat goed dreineer. Gee elke tweede dag water, maar in die reënseisoen is een keer per week genoeg.

Bloubessies floreer in suur grond. Gee bemesting met 'n suurbasis in die lente en somer. Voeg 'n koppie asyn by vier liter kraanwater in 'n gieter of emmer om die alkaliese vlakke daarvan te verminder. 'n Deklaag met 'n suurbasis soos groen dennenaalde of gekerfde dennebas is geskik. Gebruikte koffiemoer sal ook help om die grond se suurgehalte reg te kry.

## Appelliefies

Appelliefies is maklik om van saad, steggies of saailinge te kweek. Plant hulle in vol son tussen Augustus en Februarie, want die plant is gevoelig vir ryp.

Hoewel die plant in swak grond sal groei, sal beenmeel en kompos 'n groter oes verseker.

Gooi die plant elke dag nat; grond wat goed dreineer sal sorg dat die wortels nie in water staan nie.

Voed die plant gereeld met 2:3:2; te veel stikstof sal 'n reusebos met min vrugte tot gevolg hê.

Die groen vrugte is GIFTIG. Die plant sal na sowat vier maande in die somer begin bessies dra, maar die vrugte is die lekkerste in die winter. As die plant gevestig is, kan dit feitlik heeljaar lank weekliks geoes word.

Amerikaanse bolwurm, rooispinnekop



**Bloubessies is selfbestuiwend met manlike en vroulike blomme aan dieselfde plant. (Bron: Pixabay)**



**Appelliefies is maklik om te kweek en as die bos eers gevestig is, dra dit maande lank. (Bron: Pixabay)**



**Aarbeie is 'n gewilde somervrug waarna almal uitsien, maar aan die begin van die seisoen kan dit nogal duur wees. As jy jou eie aarbeie kweek, kan jy geld bespaar. (Bron: Pixabay)**

# FARMING A TO Z

## BAGS, BOXES AND MORE!




## WORLD CLASS EQUIPMENT!



Sorma Group



Ferrari GROWTECH
veg equipment innovators



agricola italiana
PNEUMATIC PRECISION SEED DRILLS



dewulf
enjoy growing



STRUIK
SINCE 1934



FORIGO
Ready to fit you

CASE AGRICULTURE

CASE CONSTRUCTION

**CALL US TODAY:**

**PACKAGING: 071 331 1997 / 071 331 1990**

**MACHINERY: 072 525 9047 / 072 739 0302**

**PARTS & SERVICES: 079 513 5157 / 079 500 3467**

**WWW.REBELO.CO.ZA**

REBELO AGRICULTURAL GROUP

en roes kan voorkom, maar dit kan met organiese middels beheer word.

## Brame en frambose (Rubus spp.)

Die beste tyd om hierdie doringagtige bessies te plant is in die winter wanneer die plante rustend is, maar as jy die plantjie by 'n kwekery gekoop het, kan jy dit enige tyd plant.

Doringlose braamhibriede met groot, sappige bessies en nuwe framboos-variëteite waarvan die vrugte van vroegsomer tot laatherfs ryp is, is by sommige kwekerye beskikbaar.

Plant brame en frambose in volson in goedgedreineerde leemgrond of sand wat baie organiese materiaal bevat en 'n pH van minstens 6,3 het.

Brame word tamaai groot en moet minstens drie meter uitmekaar geplant word. Hou goed nat.

Bemes die struike in die lente en somer met 3:1:5. 'n Deklaag op die grond rondom die struike sal help om die grond vogtig te hou en onkruid beheer.

Bessies is van November tot laat Januarie beskikbaar. Eet die ryp vrugte rou of was en droog dit voordat jy dit bevries.



**Moderne aarbeihibriede sluit rank-soorte soos '*Sweetheart*' in wat goed in potte of hangmandjies aard. (Bron: Pixabay)**





**Aarbeie is 'n gesonde toevoeging tot jou dieet wat van ontbyt tot nagereg op jou spyskaart kan wees. (Bron: Pixabay)**





**Frambose is hol aan die binnekant omdat die stingeltjie aan die plant agterbly wanneer jy die bessie pluk. (Bron: Pixabay)**



**Wanneer jy 'n oorvloed aarbeie in jou tuin het, kan jy daarvan vries of konfyt kook. (Bron: Pixabay)**

Bronverwysings


Anthony, D. (2014) *Enigeen kan groente kweek*. Metz Press ISBN 978-1-928201-12-0

Esterhuizen, S. (2017) *Kweek appelliefies* Netwerk24

Eva, G. (2023) *Kweek jou eie bloubessies - ons wys jou hoe!* Netwerk24 https://www.netwerk24.com/tuis/tuine/tuindagboek/kweek-jou-eie-bloubessies-ons-wys-jou-hoe-20230127-2

*Kweek jou eie bessies* (2013) Netwerk24. https://www.netwerk24.com/tuis/Argief/kweek-jou-eie-bessies-20170914

*Kweek só jou eie aarbeie* (2018) Landbou.com https://www.landbou.com/landbou/Leefstyl/Gesin/kweek-so-jou-eie-aarbeie-20180925

INYATI DRILLING

# BOORGAT BOORWERK

Boorgatboor gebruik gespesialiseerde toerusting om diep gate te skep ***vir geologiese ondersoeke, waterontginning en mineraaleksplorasie***. Dit is van kritieke belang vir toegang tot grondwater en die vestiging van putte. Boorgatboor verseker ***volhoubare waterbestuur en ondersteun verskeie industriële toepassings*** deur toegang tot noodsaaklike hulpbronne onder die Aarde se oppervlak te verskaf.

### *Toegang tot grondwater:*

Boorgatboor verskaf toegang tot grondwaterbronne vir 'n verskeidenheid doeleindes, soos drinkwatervoorsiening, besproeiing en industriële prosesse, wat betroubare en volhoubare waterbeskikbaarheid verseker.

### *Geologiese ondersoeke:*

Boorgatboor laat geoloë toe om ondergrondse formasies te bestudeer, geologiese risiko's te evalueer en potensiële mineraalafsettings of geologiese gevare te identifiseer.

### *Konstruksie toepassings:*

Boorgatboor is noodsaaklik vir konstruksieprojekte, insluitend fondamentstabilisering, geotermiese verhitting en verkoelingstelsels, en ondergrondse nutsinstallasies, wat doeltreffende en volhoubare konstruksiepraktyke fasiliteer.



012 940 0507 sales@inyatigroup.co.za www.inyatigroup.co.za



# Spekboom:

## Wonderplant help aarde asemhaal

**deur Tisha Steyn**

Spekboom (*Portulacaria afra*) is 'n besonderse plant met die unieke vermoë om groot hoeveelhede koolstofdioksied uit die atmosfeer op te neem, koolstof in plantmateriaal te omskep en via die wortels terug in die grond te plaas.

In die lig van aardverwarming wat veroorsaak word deur te veel koolstofdioksied in die atmosfeer en te min koolstof in die grond is dit belangrik dat beskadigde spekboomveld gerehabiliteer en hervestig word om klimaatsverandering te help teenwerk.

### Wat is spekboom?

Die spekboom is inheems aan die Oos- en Wes-Kaap en kom voor in 'n ekologies sensitiewe gebied waar die fynbos-, vetplant- Karoo- en Albany-struikveld-biome saam voorkom.

Subtropiese ruigteveld word gekenmerk deur digte, verstrengelde plantegroei wat immergroen bome, laaggroeiende struike, sukkulente of vetplante, en doringagtige rankplante insluit.

Spekboom is 'n sukkulente struik wat tot vyf meter hoog kan word. Dit is droogte- en hittebestand en groei vinnig met min sorg en water.

Die welige, spreidende groeiwyse en die digte laag molm onder die boom maak die grond meer vrugbaar en waterhoudend en verskaf 'n koel, klam klimaat waar ander plante kan ontkiem.

Sodoende skep die spekboom 'n ekostelsel wat tot voordeel van ander plante en diere strek, enersyds omdat dit die grond verryk, en tweedens omdat die blare en takke voeding verskaf.

### Voordele van spekboom

- Spekboom het 'n merkwaardige vermoë om, afhangend van die omstandighede, in dor gebiede tussen 4 en 10 ton koolstof per jaar te berg.
- Dit is ook besonders in die opsig dat dit sonenergie kan berg sodat fotosintese snags voortgesit kan word.
- Die hervestiging van spekboom, waar die plante deur oorbeweiding vernietig is, kan bydra om die koolstofvoetspoor van die mens se aktiwiteite uit te balanseer.

### Aardverwarming

Die mens se invloed op ekostelsels dra by tot aardverwarming wat lei tot klimaatsverandering, wat uiterste weerstoestande soos oorstromings en droogtes veroorsaak. Uiterste temperature verdor die aarde en die plantbedekking verskrompel. As dit dan in oorvloed reën, spoel die bogrond weg en veroorsaak erge gronderosie. Omdat die reënwater wegloop en nie in die hardgebakte grond wegsink nie, word die watertafel nie gevoed nie en die veld raak al droër.

### Oorsaak: Oorbeweiding

Net soos in die Oos-Kaap, is oorbeweiding ook die oorsaak van die skade aan spekboom in die Klein-Karoo

Volgens André Britz, boer en uitvoerende direkteur van Jobs 4 Carbon NPC, is oorbeweiding nie bokke se skuld nie, maar die grondeienaars s'n.

Hy verduidelik so: "Bokke word allerweë beskou as die oorsaak van oorbeweiding van spekboomveld. Maar dit is nie die bokke se skuld nie, dit is die mens wat die veld swak bestuur wat die skuld moet dra.

"Om vir jou 'n voorbeeld te gee: Pionierboere het sê maar 1 500 morg (1 200 ha) grond gekry – eers onder die huurpagstelsel, wat later die erfpagstelsel geword het. Toe kon die boer 'n huis bou, daarin woon en dit aan sy erfgename nalaat.

"Sê maar die boer het drie seuns en drie dogters. Die dogters raak geholpe met mans wat op die buurplase grootgeword het, terwyl die seuns wat met buurdogters trou by pa moet erf. Pa verdeel die grond in drie gelyke dele wat elk toegang tot 'n suiping in die rivier moet hê. Die seuns moet ook ewe veel vee hê. So, as pa 300 stuks kleinvee (bokke of skape) gehad het, moet elke seun ook 300 hê. Nou is dit altesaam 900, plus pa se 300 kleinvee-eenhede.

"Met die herderstelsel is daardie



**Nuwe spekboomsteggies word tussen die ander plante geplant.**



**In die kwekery in die tuin van die NG Kerk op Vanwyksdorp is tans sowat 138 000 spekboomplantjies wat as 15 cm-steggies van spekbome in die veld geoes is.**




**FOR 70 YEARS, WILLARD HAS BEEN PROVIDING POWER FOR ON-BOARD COMPUTERS, ALARMS, SOUND SYSTEMS, TRACKING DEVICES AND MORE.**

With modern vehicles running ever more sophisticated and complex electronics systems, Willard has developed a range of reliable battery options that caters to different budgets without compromising on quality. With batteries to suit a broad range of passenger car applications, Willard batteries are designed with the technology and robustness to suit Africa's rugged conditions.

**WILLARD. A LEGACY CELEBRATED.**




CELEBRATING 70 YEARS OF EXCELLENCE

MADE IN SA

www.willard.co.za 0860 12 00 12

Willard Batteries®
THE POWER OF TECHNOLOGY

bokke elke dag soggens veld toe gevat om te gaan wei en te gaan water drink by die rivier, en saans moet daardie bokke weer terugkom kraal toe. Maak jou somme dan sien jy hoekom die veld oorbewei en uitgetrap is. Dit is nie die bokke se skuld nie ...”

Volgens André het boere in die Calitzdorp-omgewing in die depressiejare toe daar niks geld was nie, selfs spekboom vir volstruisvoer geoes. Dit beklemtoon hoe waardevol die plant as veevoer is omdat dit ryk aan voedingstowwe is, maar ook hoe sensitief dit is vir oorbenutting wat die besondere biodiversiteit van hierdie veld dramaties verskraal het.

## Oplossing: Spekboom-restourasie in die Klein-Karoo

Die Jobs 4 Carbon-projek (J4C) wat in 2015 by Vanwyksdorp in die Klein-Karoo afgeskop het, rehabiliteer spekboomveld terwyl dit werk skep en die ekonomie van dié plattelandse dorpie stimuleer.

Jobs 4 Carbon is onder die vaandel van die Gouritz Groeps-Biosfeerreservaat (Gouritz Cluster Biosphere Reserve, of GCBR) van stapel laat loop.

In daardie stadium is dit deur die Wildlife and Environment Society of South Africa (Wessa) bestuur.

Destyds al het dr Steve du Toit, toe by Wessa, gesê: “Ons moet ernstig let op grootskaalse rehabilitasie van die omgewing anders gaan hierdie biodiversiteit, wat wêreldwyd erkenning geniet, verlore.”

Altesaam 60 voorheen werklose mense van Vanwyksdorp het onder leiding van André Britz, boer van die omgewing, begin met die rehabilitasie van spekboomveld op 300 ha grond.

Grond wat geskik is vir spekboomrehabilitasie is deur kundiges dr Annelise en Jan Vlok van Oudtshoorn identifiseer. Grondeienaars het grond beskikbaar gestel waarop spekboom gratis hervestig is met die verstandhouding dat die eienaars die grond vir die volgende 15 jaar sal laat braak lê en nie bewei of andersins benut nie.

Die mense van Vanwyksdorp is opgelei om spekboomsteggies te oes en te plant en ander plante te identifiseer, maar het ook opleiding in lewensvaardighede soos noodhulp, algemene gesondheid en veiligheid, asook leiding in die hantering van hulle persoonlike finansies, ontvang.

Aanvanklik is die projek deur die Europese Unie en die Departement van Omgewingsake gefinansier. Volgens André ontvang hulle tans sowat 65% buitelandse befondsing wat deur die GCBR gekanaliseer word, en 35% uit ander bronne, onder meer die staatskas.




**Melvin Oosthuizen en Katrien Opperman, die J4C-span se twee toesighouers.**



**Die Jobs 4 Carbon-span maak gate teen die klipperige hang sodat spekboomsteggies geplant kan word.**

## Indringerplantegroei en erosiebeheer

Deel van Jobs 4 Carbon se werk is om indringerplante te verwyder en gronderosie te beheer. Meer daaroor in die volgende artikel.

## GCBR

Die GCBR beslaan ’n gebied van 3,2-miljoen hektaar bestaande uit staat- en privategrond. Die gebied, wat drie UNESCO-wêrelderfenisgebiede naamlik die Swartbergkompleks, die Boosmansbos-natuurreservaat en die Baviaanskloof insluit, word deur UNESCO erken as ’n gebied van betekenisvolle belang. Dit gaan oor die bewaring van die ryk biodiversiteit tot voordeel van die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die mense in die gebied.

Bronverwysings

AFP. (2024) *Veelsydige spekboom help dorre aarde herleef. Maroela Media* https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/veelsydige-spekboom-help-dorre-aarde-herleef/

Botha, L. (2024) *Spekboom help wynplaas meer koolstof sink as wat dit gebruik.* Landbou.com https://www.landbou.com/landbou/bedrywe/herlewingslandbou/spekboom-help-wynplaas-meer-koolstof-sink-as-wat-dit-gebruik-20240520

*Preventing, halting and reversing loss of nature* www.decadeonrestoration.org

*Spekboom Restoration Research Group* https://www.spekboomrestorationresearch.org.za/home

Kontak Andre Britz by (+27)72-062-8444 of britzieaj@gmail.com of besoek die jobs4carbon-webtuiste by https://jobs4carbon.co.za/
Besoek die GCBR-webtuiste by https://gouritz.com/




Ons verskaf pasgemaakte oplossings vir jou rubberslangvereistes.

L-Flex

lflex.co.za

Gert Burger (gert@lflex.co.za)
083 267 2635 | admin@lflex.co.za
Kantoor nommer | 079 771 1822

No 30 Pittsburg Street, Cnr Apex Street,
Apex Industrial, Benoni



# Vyebedryf in Suid-Afrika

deur Tisha Steyn

Vyeproduksie gedy in Suid-Afrika, veral in die Wes-Kaap waar die Mediterreense klimaat ideaal geskik is vir die produksie van die gesogte vrug.

En wie hou dan nie van 'n vy nie? Vars van die boom af, 'n groenvy blink van die stroop, 'n sny brood met 'n dik laag vyekonfyt ...

Die eetvy *(Ficus carica)* is een van sowat 750 Ficus-spesies wat wêreldwyd voorkom. Dit is die enigste vyspesie waarvan die groot, smaaklike vrugte al duisende jare lank verbou word. Dit het sy oorsprong in Trans-Kaukasië en die Midde-Ooste, vanwaar dit na Europa en Noord-Afrika versprei het. Dit het Suid-Afrika eers teen die einde van die 17de eeu bereik.

In die 1800's is vye op plase en in tuine in Suid-Afrika geplant, maar is eers in die 1900's kommersieel verbou. In 1910 het Piet Cillie plantmateriaal uit Kalifornië ingevoer en die eerste kommersiële vyeboord op sy plaas by Wellington in die Wes-Kaap geplant.

Aanvanklik is gefokus op gedroogte vye en vyekonfyt, maar toe die kommersiële produksie van konfyt begin, is voorvye, ook bekend as breba-vye, wat groen van die bome gepluk word, begin bemark.

Eers in die vroeë 2000's is hier met eetvye begin boer wat uitgevoer is vir verspreiding in supermarkte in Brittanje en die res van Europa. In 2020 tot 2021 is 425 ton vye uitgevoer waarvan die meeste na Brittanje (51%), die Verre Ooste en Asië (33%), die Europese Unie (11%) en die Midde-Ooste (5%) gegaan het.

Tans is daar meer as 30 kommersiële vyeboere op sowat 300 ha. Die produksie-eenhede wissel van 4 ha tot 8 ha, maar daar is ook boere wat baie groter aanplantings het.

Daar bestaan 'n groot mark vir donkerkleurige vye met rooipienk vleis in die buiteland. Weens die aanvraag het die vyeproduksie en -bemarkingsorganisasie Alternafruit (Edms) Bpk verskeie nuwe donkerkleurige vyekultivars soos partenokarpies, ingevoer. Die vye word toenemend hier verbou. Tans is daar meer as 30 kommersiële vyeboere in die land.

Elders in die wêreld word meer as 'n miljoen ton vye jaarliks in sowat 50 lande wêreldwyd geproduseer. Turkye produseer die meeste, gevolg deur die VSA en Brasilië, Egipte, Algerië, Tunisië en Marokko, Sirië, Iran en Spanje.

## Klimaat (temperatuur)

Volgens Koos Lotter, vyekenner en skrywer van *Die vy in Suid-Afrika*, is eetvye in gematigde klimaatsomstandighede bladwisselend en die knoppe het winterrus nodig, hoewel kultivars se kouebehoeftes kan verskil.

In Brasilië, die tweede grootste uitvoerder van vye, word vye in subtropiese en selfs tropiese gebiede verbou, maar die rusbreekmiddel Dormex help om die vye te laat bot. In Israel word hulle voorvy-kultivar Nazareth ook met Dormex behandel wat die breba-oes oor die groot deel van die jaar versprei.

Droogte of lae omgewingstemperatuur in die lente kan bot en nuwe groei vertraag, wat neerkom op ekologies geïnduseerde winterrus. Koue in die herfs kan die groei tot stilstand laat kom. Koeler klimaatstoestande bevorder die grootte van vye, maar in die herfs kan dit te koud word vir optimale rypmaak van die laat vrugte aan die punte van lote. Jong bome is meer gevoelig vir ryp en -1 ºC kan nuwe lootgroei in die lente doodmaak.

Somertemperature van 32 tot 37 ºC kan lei tot goeie gehalte vrugte wat bestem is vir droogdoeleindes, maar hoër temperature bo 44 tot 47 ºC gee die vrugte 'n taai tekstuur wat nie geskik is vir kommersiële vyeboerdery nie.

## Vogtigheid

Warm, droë klimaatstoestande tydens oestyd is noodsaaklik, want klam weer skep gunstige toestande vir bederforganismes soos botritis en gisswamme wat deur asynvliegies en



**Steggies van 'n bestaande vyeboom word gebruik vir voortplanting. (Bron: Pixabay)**

ander insekte versprei word.

Vogtigheid veroorsaak krakies of barste in die vrug wat dit blootstel aan verrottingsiektes. Dit kom veral voor in somerreënvalstreke.

Vyebome het 'n groot, vlak voedingswortelstelsel van drie maal die omvang van die boom se blaredak en die besproeiingstelsel moet voorsiening maak daarvoor. Vye hou ook nie van oortollige vrywater in die grond nie.

## Grond en voeding

Volwasse vyebome is redelik verdraagsaam teenoor ligte brakgrond, maar gevoelig vir natrium, chloriede en boorsoute. Die ideale pH is 6,0 tot 7,8 en te lae pH kan met kalk reggestel word. Waar 'n te hoë kalkinhoud voorkom, soos in die duingrond van die Weskus-sandveld, kan sink- en mangaantekorte met spoorelementspuite beheer word.

Die grond moet voor aanplanting minstens 1,5 m diep losgemaak word en voorsien word van organiese materiaal, fosfaat en potasreserwe-voedingstowwe. Oortollige stikstof veroorsaak onnodige geil groei.

In huistuine kan groot hoeveelhede kompos met BounceBack as bemesting die plantgat dien. Grassnysels wat gereeld toegedien word kan soms voldoende stikstofbemesting deur die seisoen verskaf.

Die vlak wortelstelsel is gevoelig vir onkruid. Daarom is kweek en skoon bewerking met 'n skoffel en chemiese onkruidbeheer noodsaaklik. Enige vorm van dekgewasse is voordelig.

Vye onder nette of in waterkultuur verhoog produksie en vruggehalte en maak dit makliker om insekplae te beheer.

## Groeiwyse van die vyeboom

Vyebome se groot, enkelvoudig en gelobde blare dui op 'n kragtige metaboliese vermoë wat duidelik blyk uit die vyeboom se geil groei en dravermoë.

Die loot verleng na bot en ontwikkel in elk van die oksels van die blare drie knoppe – 'n vegetatiewe knop met twee reproduktiewe knoppe weerskante. Die blaarknop bly onontwikkeld terwyl die loot se terminale loot verder groei. Afhangend van die kultivar ontwikkel die reproduktiewe knoppe in een of twee vye per nodium. Namate die loot verleng, word die vye volwasse en ryp vanaf die basis na die terminale deel van die loot.



**Vyebome word gesnoei om die boom te vorm en daarna om die ou takke uit te dun en nuwe groei te stimuleer. (Bron: Pixabay)**

Die White Genoa-kultivar is die gewildste in Suid-Afrika omdat dit in Oktober baie voorvye dra wat by inmakers gewild is vir groenvyekonfyt. Vye is enige tyd gedurende die seisoen geskik vir groenvyekonfyt solank as wat dit ferm genoeg is en die regte grootte is. Die hoofoes is ook geskik vir rypvyekonfyt.

## Snoei en oplei

Die doel met die snoei van bome is om maksimum beligting te verseker. Alle vyebome het 'n stam van sowat 30 tot 40 cm lank waaruit die raamtakke ontstaan. Slegs een hoofstam moet ontwikkel en alle ander lote wat daarmee meeding moet met top van jaaroud lote en terugsnoei van meerjarige lote verswak of heeltemal verwyder word.

Die meeste kommersiële vyebome word in 'n kelkvorm of gewysigde kelkvorm opgelei, wat voorkom dat 'n massa onproduktiewe hout op die boom opbou wat beskaduwing meebring en standhoudende oeste tot die buitenste deel van die boom beperk.

## Bloeiwyse en bestuiwing

Die meeste eetvye het nie bestuiwing nodig nie. Die Kapri-vy wat vir die bestuiwing van Smyrna-vye nodig is, het bestuiwing deur die Blastophaga psenes-wesp nodig.

Die vye word in die somer ryp en dit duur 'n paar maande afhangend van die groei-omstandighede en veral die temperatuur van die omgewing. Die lote is tussen een en drie meter lank en die vye aan die lote, wat laatvye genoem word, maak die hoofoes van die boom uit.

## Voedingswaarde

Hoewel kultivars van mekaar verskil, dra vye in die dieet by tot die daaglikse inname van anti-oksidante, dieetvesel, vitamien B6 en minerale soos magnesium en mangaan.



**Die groen Kodota het wit tot pienk vleis en is 'n baie soet vy wat vel en al geëet en verwerk word. (Bron: Pixabay)**



Die kakiekleurige Cape Brown is 'n gewilde eet- en konfytvy wat al baie lank in Suid-Afrika verbou word. (Bron: Pixabay)

**Voortplanting**

Vir kommersiële verbouing word vye vegetatief met steggies voortgeplant. Vyebome word gewoonlik op hulle eie onderstame gekweek, maar aalwurmbestande onderstamme word ook gebruik.

**Vyesiektes**

Buiten aalwurm is die algemeenste probleem van vye in 'n huistuin dat die vye suur word. Dit word veroorsaak deur gisting van die suikers in die vy na alkohol en asyn wat deur gisswamme wat in die atmosfeer voorkom, veroorsaak word. Die asynvliegie wat met die swamme besmet is, dring die vy deur die ostiool (opening aan die onderkant van die vy) binne. Die gisting word bevorder deur klam toestande en dit is minder van 'n probleem tydens die Wes-Kaapse droë warm somermaande en in die Klein-Karoo.

Die antwoord is boordsanitasie deur die ryp en besmette of gebarste vrugte uit die boom en van die grond af te verwyder.

Verskeie ander swam- en virussiektes en insekte soos die stamboorder en boor-wurm kan groot skade in 'n vyeboord aanrig. Daar is ook 'n menigte siektes wat vyebome aantas.

Voëls kan eweneens groot skade aanrig, maar gewoonlik is dit beperk tot ryp vye. Huiseienaars kan ou straalplate in die boom hang wat sonlig weerkaats en die voëls (hopelik) weghou.



Vye kan vars of gedroog geëet word of 'n mens kan konfyt daarmee kook. (Bron: Pixabay)



Vye wat geoes word terwyl hulle nog groen is, staan bekend as breba-vye. (Bron: Pixabay)

**Bronverwysings**

Lotter, J. de V. (2012) *Die vy in Suid-Afrika.* J de V Lotter




ALZU
VOERE/FEEDS
LICK BLOCKS
Supplements for Success
ALZU GAME BLOCK WILDSBLOK
ALZU HORSE BLOCK • PERDEBLOK
ALZU SHEEP BLOCK • SKAAPBLOK
ALZU MINERAL BLOCK • MINERAALBLOK
ALZU PROTEIN BLOCK • PROTEÏENBLOK
AVAILABLE AT ALZU FEEDS BRANCHES
www.alzu.co.za | 013 249 8900


MAGI-CLAMP
disa 2005
Established in 2004• Magi-Clamp is a patented product: South Africa (ZAP/2006/10395)
MULTI-PURPOSE CLAMPING & BINDING TOOL
CUTTER
PLIERS
DELUXE
WIRE IS THE BEST CLAMPING MEDIUM IF YOU ARE USING THE CORRECT TOOL
HOSE CLAMP IN LESS THAN 30 SECONDES
Easy to use | Utilises maximum strength | Uses any type of wire up to 4 mm | Does not damage the wire | Cuts off wire ends | Carries a lifetime guarantee
WATCH IT IN ACTION!
JUMBO
Durable | Easy to use | Multi-purpose | Clamping tool | Money saver | Effective binding power
GURANTEE
082 657 7560 | neels.grieshaber@gmail.com | www.magi-clamp.com


AFFORDABLE RENEWABLE ENERGY SOLUTIONS
We design, supply and install renewable systems and fibre optic networks to the public and private sectors.
ALLSOLAR ADDO
Long backup UPS battery systems
Stand alone (off grid) solar systems
Grid tied solar system
Grid-interactive solar
Hybrid solar system
Expandable solar systems
High tech options
Solar water pumping solutions
Solar panel cleaning
ALLSOLAR ADDO
+27 72 616 1291 | info@allsolaraddo.co.za | www.allsolaraddo.co.za
River Front Estate, Potgieter Crescent, Addo, 6105, Eastern Cape



# Vernuwende wildvangstelsel

# Laat niks aan toeval oor nie

deur Tisha Steyn

Dr Wilhelm is al meer as veertig jaar passievol betrokke by natuurbewaring en wildboerdery. Sy kwalifikasies in biologie, veeartsenykunde, ekologie en natuurlewebestuur het bygedra tot sy insig om wildvang, bewaring en omgewingsbestuur op 'n nuwe, transformerende trajek te plaas.

"'n Span vernuwende ondernemers en denkers is besig om 'n strategiese raamwerk op te stel om knelpunte soos die vernietiging van die omgewing, klimaatsverandering, hongersnood en armoede in Afrika met behulp van ander opsies wat wildboerdery, klimaatsweerstandige landbou en omgewingsbestuur bied, te takel."

Volgens hom moet die bydrae wat die beroep van wildvanger speel om 'n sinvolle en doeltreffende grondslag vir toekomstige ontwikkelings op die kontinent te lê, nie onderskat word nie.

Wilhelm se onderneming, Eko Wild, se jongste vernuwende projek is daarop gerig om 'n alternatiewe metode vir wildvang te ontwikkel wat minder spanningsvol is as die tradisionele vangmetodes vir die diere.

Gewoonlik word wild met helikopters, voertuie of mense te perd, te voet of selfs met motorfietse aangejaag na 'n vangkraal. Die spanning wat die proses vir die diere veroorsaak kan daartoe lei dat hulle beseer word of selfs vrek, wat tot geldelike verliese vir die wildboer of bewaringsinstansie kan lei.

## Passiewe vangmetode

"Met die passiewe vangmetode word diere met voer, 'n lek of water na 'n goed-ontwerpte struktuur gelok en dan op 'n slim manier hanteer om hulle spanningsvlakke tydens die vang-, vervoer- en hervestigingsproses so laag as moontlik te hou," verduidelik Wilhelm.

Wildvang is om die volgende redes noodsaaklik vir wildbestuur op enige wildplaas, reservaat of nasionale park. Dit help om:

- wildgetalle en die veld se drakrag in balans te hou;
- enkele of klein groepe diere te vang vir 'n genetiese seleksieproses;
- siek of beseerde diere te isoleer sodat hulle behandel kan word; en
- om moniteertoerusting, soos radiosenders, aan diere te heg vir wetenskaplike en sekerheidsdoeleindes.

Volgens Wilhelm is die belangrikste uitdagings met wildvang om 'n perfekte vangstelsel, operasionele prosedure en opgeleide operateurs in plek te kry, om die diere veilig en spanningsvry te vang en suksesvol in 'n nuwe gebied te hervestig.

## Vernuwende oplossings

"Eko Wild het die afgelope drie dekades met verskeie uitlegte en konstruksiemetodes vir passiewe vangkrale eksperimenteer. Uiteindelik het ons die optimale uitleg van die vangstelsel en 'n standaardmetode vervolmaak," verduidelik hy.

Die stelsel bestaan uit permanente en mobiele eenhede. "Ons ontwerpe neem die omgewing, topografie, plantegroei, watervloeirigtings en heersende windrigtings in ag sodat die vangproses vlot verloop en die diere deurentyd so rustig en veilig as moontlik gehou word."

Die mobiele, verskuifbare eenhede stel Eko Wild in staat om selfs op die moeilikste terreine soos berge, klowe, woude en vleie waar tradisionele metodes nie werk nie, vangstelsels op te rig.



**Die verskuifbare vangkraal bestaan uit 'n staalstruktuur wat met seile afgesper is. (Bron: Eko Wild)**


CONSTRUCTION & AGRI
MACHINE GLASS
FREE DELIVERY IN SA!
cabglass.co.za
ORDER ONLINE
www.cabglass.co.za
cabglass.co.za
sales@cabglass.co.za
084 949 1010


LM STAAL
STRUKTURE (Pty)Ltd
We specialise in building
Steel structures | Warehouse factories
Aircraft hangers | Farming sheds
Short on structure?
we've got your structural requirements covered
We do not manufacture under 270 squares.
www.lmstaalstore.co.za | lmstaalstore@gmail.com
071 743 6798 - Kantoor | 083 728 9825 - Leon



**Die operateur in die verhewe skuiling kan die binnekant van die vangkraal sien en die valhek op die regte oomblik aktiveer. (Bron: Eko Wild)**

'n Mobiele eenheid bestaan uit 'n groot vangtregter wat bestaan uit pale, vangseile, kabels en aanjaaggordyne. Nadat die hek toegeval het, trek helpers die aanjaaggordyne een vir een agter die trop toe sodat hulle rustig aanhou vorentoe beweeg na die hanteergang. Sodra hulle in die gang is, word die eerste skuifdeur agter hulle toegestoot sodat die diere veilig in 'n klein ruimte is waar hulle nie kan hardloop of spring en seerkry nie.

In die hanteergang word hulle vanaf die oorhoofse loopweë 'n susmiddel ingespuit en dan word hulle in houhokke geplaas totdat hulle vervoer word.

Die verskuifbare vangkraal bestaan uit 'n liggewig raam wat met seile belyn is en aanmekaar gekoppel word om die hanteergang met skuifhekke, houhokke, oorhoofse loopweë en 'n verstelbare laaibank te vorm.

Die permanente strukture bestaan uit houtpale, staalstrukture in beton, sinkdakke en seile. "Ons maak driedimensionele skaalontwerpe geskoei op terreininligting, soos die posisie van die waterbron, voerbakke, bome, bosse, voetpaadjies en toegangspaaie, wat vir 'n voornemende kliënt 'n presiese visuele voorstelling gee van hoe die vangkraal gaan lyk. Ons verskaf ook 'n uitgewerkte materiaallys en 'n kosteberekening."

Volgens Wilhelm is die 3-D plan met aanwysings so volledig dat die boer self die struktuur kan bou as hy sy eie ambagslui het. "Ek gaan installeer dan die valhek, elektronika, kameras, en dies meer. Eko Wild kan die krale bou mits die plaas nie aan die anderkant van die aardbol is nie."

Die ontwerp kan aangepas word om enige spesie en aantal wild te vang. "Ons het al vangkrale ontwerp wat 50 tot 100 buffels doeltreffend kan hanteer. Buffels is van die moeilikste diere om in groter groepe te vang en 'n kraal wat vir hulle geskik is kan ook die meeste ander bokspesies met groot gemak hanteer.

"Met so 'n fasiliteit kan groepe of individuele diere uitgesoek word, veilig individueel gepyl en hanteer word vir bloedtoetse en ander bestuursaksies, en kan dan so lank as wat die veearts nodig ag in kwarantyn gehou word."

## Heksluitmeganisme

Die belangrikste element van die vangstrukture, hetsy permanent of verskuifbaar, is die vernuwende heksluitmeganisme, 'n valhek wat met toue en katrolle werk.

"Die ingangsopening na die vangkraal is gewoonlik sowat vyf meter wyd. Dit moet vinnig en deeglik sluit sodat die diere nie kan ontsnap nie. As hulle eers op hol is, is hulle kopsku en dan is dit baie moeilik om hulle vir 'n tweede keer gevang te kry."

## Elektroniese afstandbeheer

Die valhek wat op die meegaande video demonstreer word, word met 'n afstandbeheerde elektroniese stelsel geaktiveer.

Die vangkraal is so ontwerp dat 'n operateur in 'n nabygeleë skuiling die binnekant van die kraal kan sien sodat die valhek op die regte oomblik geaktiveer kan word.

Maar die operateur hoef nie heeltyd in die skuiling te sit nie. "Om wild passief te vang kan 'n tydrowende proses wees en dit is nie vir iemand wat 'n oordeelkundige besluit moet neem lekker, produktief of kostedoeltreffend nie."

Die stelsel bestaan uit 'n volledige langafstand-beheerde stelsel van kameras, WiFi-verbindings, selfone met doelgemaakte toepassings, sonpanele en batterye, asook nagsig- en klanktoerusting.

## Tydsberekening

Die langafstandbeheer van die vangkraal en valhek maak die stelsel uiters doeltreffend vir monitering en tydsberekening.

"Met ons stelsel kan diere en hulle gedragspatrone oor 'n afstand met behulp van selfone en op 'n rekenaarskerm vanuit beheerkamers gemoniteer word."

Om die diere en hulle gedrag deurentyd te moniteer is belangrik vir beplanning van die vangs.

## Monitering en beplanning

- Monitering stel die operateur in staat om te sien watter spesies watter tyd van die dag agter die lokmiddel aan die kraal binnekom.
- Die gedrag van die diere binne en buite die kraal kan ook gemoniteer word, asook die voorkoms van moontlike konflik tussen verskillende spesies en geslagte.
- Die grootte van die groep diere wat die kraal nader en binnekom kan vasgestel word.

"As die diere onrustig of selfs aggressief met mekaar is, moet 'n veearts op die dag van vangs teenwoordig wees om 'n susmiddel toe te dien."

## Niks word aan toeval oorgelaat

Die passiewe wildvangmetode maak dit moontlik om diere vinnig en met die minimum spanning en beserings rustig te kry. "Elke dier is waardevol en dalk ook skaars en bedreig. Daarom is dit baie belangrik om niks aan die toeval oor te laat nie, maar die beste beskikbare metodes en kundigheid te gebruik om die diere by hulle nuwe bestemmings te kry. Dit dra daartoe by dat spesies bewaar kan word en verseker die sukses van die wildboerdery of bewaringsaksie."

Wilhelm is trots op wat Eko Wild deur die jare vermag het. "Dit is vir my lekker om te weet dat ek die wild- en bewaringsbedrywe help groei het. Dit is bevredigend dat veral meer jong mense in beroepe in hierdie rigtings belangstel."

Volgens hom het sy gevallestudies bewys dat passiewe wildvang die vangbedryfskostes van 'n wildplaas oor die langtermyn met 45 tot 50% verminder. "Dit verg net 'n redelike kapitaalbelegging aan die begin, maar daarna is wildvang na gelang van omstandighede en grootte van die onderneming, uitgesluit voer en minimale arbeidskostes, vanaf die tweede tot vierde jaar gratis en die kapitale uitleg gedelg."

**Kontakbesonderhede**

Kontak dr Wilhelm Schack by (+27)83-301-8119 of stuur 'n e-pos na wilhelm@ekowild.co.za. Besoek die webtuiste by www.ekowild.co.za vir meer inligting oor die passiewe wildvangstelsel, en https://ecogroup.africa vir meer inligting oor ontwikkelings- en ander programme.


SOLAR STRUCTURES AFRICA
Searching for a
Sustainable structures
for sustainable power?
✓ GROUND MOUNT SOLAR STRUCTURES
✓ A-FRAME SOLAR STRUCTURES
✓ P2000 1mm UNISTRUTS SLOTTED & UNSLOTTED
WE MANUFACTURE
GERHARD BRITS
084 889 7768
• Alrode
• Alberton, Gauteng
• South Africa
gerhard@solarstructures.co.za
We manufacture engineer approved ground mount solar structures. Our manufacturing capacity is 2MW every 10 working days on a single shift, single machine. Installation service from 100kwh and above.
Terms and Conditions apply.


Dry ICE 4 FARMING
Because you care, switch to Freeze Branding
Cattle branding that leaves no scars & grain disfigurement which is stress free for livestock.
Less painful | Hygienic | Safe
Permanent | Highly visible
www.dryice.co.za
078 164 1712




Tugela Steel, Block A, Sunbury Park,
Douglas Saunders Drive,
La Lucia Ridge, Durban

P : +27 31 566 4601
E : sales@tugela.co.za
W : www.tugelasteel.co.za

AVAILABLE STEEL STRUCTURES

- Farming Sheds
- Prefabricated Steel Buildings
- Industrial Steel Structures

STAFIX™

ELECTRIC FENCE AND SECURITY CENTRES

Online Product Store
Delivery available or
Collect from any of
our branches

0861 STAFIX/782349 www.stafix.co.za

YOUR ONE STOP SECURITY SHOP

- Electric Fencing
- Gate Motors
- Batteries
- CCTV
- Garage Door Motors
- Remotes
- Intercoms
- Equestrian Fencing
- Game Fencing
- Alarm Systems
- Roboguard
- Security Beams




STAFIX BRANCH LOCATIONS

Bethlehem
Bloemfontein
Cape Town Central
Cape Town South
Centurion
Durban North
East London
George
Gaborone
Harare
Jet Park
Kimberley
Klerksdorp
Lusaka
Mozambique
Nelspruit
Kya Sand
Paarl
Pietermaritzburg
Pinetown
Polokwane
Port Elizabeth
Potchefstroom
Pretoria
Rustenburg
Somerset West
Upington
Vanderbijl Park
Vryheid
Windhoek
West Rand


MINING | INDUSTRY | MUNICIPAL | AGRICULTURE | FOOD AND BEVERAGE | FIRE FIGHTING
RAINBOW RESERVOIRS
Premium quality Aluzinc steel sectional tanks for bulk water storage throughout Africa
LISTED AND APPROVED SUPPLIER ASIB
South Africa
WISA Water Institute of Southern Africa
FIRE PROTECTION ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA
www.rainbowtanks.co.za
sales@rainbowres.com | +27 (0)11 965 6016


Myburgh Toerusting
3m 1.8ton Forklift
R 51 750 Btw ing
Te huur: R575 p dag
Plantervolmaak vir 8 ry planter
R 121 900 Btw ing
Kontoermaker
R 203 550 Btw ing
Te huur: R2035.50 p dag
R 250 700 Btw ing
7.5 Landroller
Te huur: R2507 p dag
R 149 500 Btw ing
Padskraper
Te huur: R1495 p dag
R 50 600 Btw ing
4 Tol Draadspanner
Te huur: R575 p dag
R 157 550 Btw ing
6ry Rolmoer
Te huur: R1575.50 p dag
www.mtoer.co.za
0824170175
mybtoer@gmail.com


ROOF SHEETING
- we have it all!
For the past 10 years, we've supplied the construction industry with high quality, affordable, and reliable steel roofing material that stand up well to the African climate.
Choose from our range of products;
IBR
CORRUGATED
WIDE SPAN
AFRI-LOK 700
LIPPED CHANNEL
BULLNOSING
POLYCARB
FLASHINGS
TEK SCREWS
Johannesburg
sales@ibcorr.co.za
010 045 3623
Cape Town
salesct@ibcorr.co.za
010 045 3622
IBCORR
STEEL ROOFING


The most effective and cost efficient travelling irrigation systems in Africa!
OPTMISE YOUR CROP YIELDS WITH THE RIGHT IRRIGATION SYSTEM
CLUBMAN / FARMER 100
LIGHT DUTY AGRICULTURAL IRRIGATOR
RHINO 300 4X4
HEAVY DUTY AGRICULTURAL IRRIGATOR
RAINMAKER 200 4X4
HEAVY DUTY AGRICULTURAL IRRIGATOR
GREENKEEPER / FARMER 200
LIGHT DUTY AGRICULTURAL IRRIGATOR
SPORTSMAN / CROPMAKER 120
LIGHT DUTY AGRICULTURAL IRRIGATOR
EXPERIENCE IN IRRIGATION SYSTEMS 40 YEARS
Suitable for irrigating most overhead crops | Pastures/maize/wheat/tobacco/vegetables/sugar cane etc.
www.rotrixafrica.co.za
Head Office - Western Cape +27 23-342-3438
Jasper Hewitt +27 (0) 82-773-7544 | jasper@rotrixafrica.co.za
Andries Bothma +27(0)79-959-3356 | sales@rotrixafrica.co.za
Office - Gauteng Tobie van den Heever
+27 (0)82-658-6054
tobie@iunlimited.co.za
IRRIGATION UNLIMITED
ROTRIXAFRICA industries cc
MECHANISED IRRIGATION SYSTEMS
BUILT TO IRRIGATE AFRICA


Optimise the potential of your field!
While providing high-protein feed for your livestock
We will provide you with a personalised service, developed around your unique requirements and conditions.
Brazgrass' seed is perfect for livestock grazing, baling, hay, silage and mulch.
Our perennial seed is a cost-effective and convenient solution.
BRAZGrass
Pasture is Profit
www.brazgrass.co.za
+27 (0)84 840 1659 | brazgrass@safricom.co.za | 3 Fortuna street, Viljoenskroon


Need a break?
A getaway for the whole family
Book with us today!
Come rest with us!
Situated along the Kliprivier in Rothdene, we're only an hours drive from Johannesburg. We have 300 camping units available, with electricity and ablution facilities.
Camping units available for R450/night in the off-season and R550/night in-season.
KLIPDRAAI
KARAVAANPARK
www.klipdraai.co.za
BLOUFONTEIN
WILDLIFE PARK
084 800 0193
not all who wander are lost
KLIPDRAAI
Besprekings: 072 823 5236 | E-pos: besprekings@klipdraaikaravaanpark.com
Plaas Kookfontein, Viewlaan, Kookrus, Meyerton | www.klipdraaikaravaanpark.com


INNOVATIVE, COST-EFFECTIVE &
DURABLE NETHOUSE CONSTRUCTION
Advance your harvest percentage while shielding crops from excessive sunlight, hail and wind providing the optimal growing conditions with shade nethouses.
Viable and affordable
Low maintenance
Timely project completion
Excellent warranties
Flatroof Structure
Virus Nets
Wynie Structure
Single Pitch Structure
EchoSHADE
Nethouse Structures
Echoshade Nethouse Structures | 064 681 1371 | info@echoshade.co.za
110 Maggiesdal, Nelspruit | www.echoshade.co.za


AFFORDABLE, HIGH QUALITY FENCING PRODUCTS
We specialise in manufacturing, supplying and designing fence products that suit our customers needs.
WFSA
WHOLESALE FENCING SA
Galvanised Wire in Coils
Barbed Wire
Diamond Mesh / Chain Link
Welded Mesh
Hexagonal Wire Netting
Field Fence
Razor Wire
Roofing & Reinforcing
Droppers & Standards
Posts
Gates
Wholeview Panel Fencing
Wholesale products directly to the public
Support local, buy local!
Head Office | 52 Jakaranda Street, Hennopspark, Centurion, 0157
Bloemfontein | 23 Krause St, Oranjesig, Bloemfontein, 9301
+27 12 682 0150
+27 (0) 51 880 0220
sales@wsfafrica.com



MacDon
GET READY FOR MORE!
FD2 FlexDraper®
FD2
More Capacity. More Speed. More Flex.
The all-new FD2 gives you more of everything you need from the company that brought you the Original FlexDraper®.
75
MacDon
GET MORE!
Find your local dealer at MacDon.com




GET RID OF FLIES!
with BISA Parasitic Wasps
CONTROL FLIES UNDER SOUTH AFRICAN CONDITIONS WITH PARASITOIDS BRED IN SOUTH AFRICA
How does this programme work?
- Parasitoides are reared in an insectary for releasing, and are available in packs of 5000.
- These parasitoides will be released on certain "hot-spots" on a regular basis.
- This forms part of an integrated pest management programme where flies are controlled in the pupa fase of development thereby suppressing the emergence of flies.
The advantages of biological control is that insects become resistant to chemicals after time and Parasitoides are a cost effective, long term and user friendly solution to controlling flies.
Arno Moore (PhD) - 083 270 4866
arno@bioinsectsa.com
Helouise Rumbles - 083 566 4784
bisa@bioinsectsa.com
FOR YOUR CONVENIENCE A BISA REPRESENTATIVE CAN VISIT YOU FOR AN ONSITE ASSESMENT AND FOR PLACING OF ORDERS.
www.bioinsectsa.com
BISA
BIO-INSECTARIES SOUTH AFRICA
OMGEWINGSVRIENDELIKE PLAAGBEHEER


When the old and new collide –
WORLDS EXPAND.
Now your content has an even wider audience.
ProAgri's brand new, digital and interactive online magazine!
At ProAgri we strive to stay ahead of the curve to bring you simply the best! It is no secret that we spend a lot of our time online. Now ProAgri has made it simpler for you to save your favourite articles, share them, join a community, and discuss online. No more geographical barriers!
ProAgri
www.proagri.co.za


YOUR ONE-STOP CATTLE & SHEEP HANDLING EQUIPMENT SUPPLIER
We also supply a wide range of other agricultural equipment
NATIONWIDE DELIVERY
VDW ENGINEERING
Hennie van der Walt | +27 (0) 72 901 4033
info@vdwengineering.co.za
Mobile crush & neck clamps
Cattle neck clamps
Standard & mobile loading ramps
Loading ramps & panels
Enclosure panels
Gated enclosure panels
Feeding troughs
Work stations
2 Way sorting gates
Support arches
Support arches with gate
Weigh bars
Spray race
Branding irons
Bale rings
Scales
www.vdwengineering.co.za


MONITOR
KUNSMISVLOEI
3JAAR WAARBORG
ELECTROLEE
www.electrolee.co.za
072 181 5266


Aftermarket Parts
25 Years Cummins Experience
Jumanje
Procurement Services
Power Parts
AGRICULTURE • AUTOMOTIVE • CONSTRUCTION • MINING • EARTHMOVING
SERVICE AND YOUR DOWNTIME IS OUR PRIORITY!
Distributor for Cummins / Komatsu / Case / Dongfeng / Faw / Perkins / Tata / JCB - Related aftermarket engine components
High quality aftermarket & replacement diesel parts
A wide range of 8pk Belts and Filters
Carradine Varkevisser
060 525 9943
carradine@jumanje.co.za
Office
011 976 1242 / sales@jumanje.co.za
Michael: 063 753 6466
Facebook & Instagram
@jumanje4u


ALGAR IND BK
Kom besoek ons by
NAMPO ALFA
LEWENDEHAWE, JAG & BUITELEWE
Veehanteringstoerusting
Livestock Handling Equipment
Stand A8c
www.algar.co.za
082 324 6256
algar@algar.co.za



Celebrating Two Decades
**of Automotive Excellence!**



Test drive the All-New
**XUV 3XO** now!

**MAHINDRA ALBERTON**

**087 803 1108 | WWW.MAHINDRAALBERTON.CO.ZA**

OFFER EXCLUSIVE TO MAHINDRA ALBERTON ONLY. Ts and Cs apply.

# SPEND WISE
# SPREAD WISE




**L line and M line**
**From 750 litres to 5500 litres.**
**With or without weigh cells.**
**Orchard models also available**

bogballe
it works







VALTRAC
TRACTORS • IMPLEMENTS • SERVICE • PARTS

0861 VALTRA ATTIE: 083 261 9863
www.valtrac.co.za Valtrac South Africa Valtrac

Prices valid while stock lasts.
Some product images are for illustration purposes only.
Errors and omissions excepted. Terms and conditions apply.

Parys: **Johan** 071 671 8080
Frankfort: **PJ** 079 378 3136
Eastern Cape: **Henry** 064 852 9274
Hartswater: **De Wet** 082 613 8394
KZN North: **Johan** 084 442 7838
KZN Midlands: **Werner** 067 416 8244
KZN Costal: **Joe** 082 303 2391

KZN: **Bray** 082 326 5473
KZN Berg: **Gerhard** 082 890 6928
Reitz: **Jaap** 082 824 6440
Bethlehem: **André** 082 940 1696
Limpopo: **Pierre** 082 543 4146
North West: **Giel** 082 921 6321
Mpumalanga: **Wayne** 064 942 1459
Namibia and Botswana: **Tom** 082 928 1775